


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 4, No. 2

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Dien u God of Mammon?

Vandag is ons wêreld meer materialisties as wat dit vir millennia was, moontlik meer as wat dit ooit was. Vandag se samelewing is *behep* met gierigheid en besittikheid. Vandag *aanbid* die mensdom materiële dinge en plaas die verkryging daarvan as eerste prioriteit in hul lewens.

Van hierdie “kry”-beheptheid smeer selfs aan belydende Christene af. Die apostel Johannes skryf: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld” (1 Johannes 2:15-16).

Kan ons eerlikwaar sê dat ons die wêreld *nie* liefhet nie, terwyl ons uur na uur sit en televisie kyk? Baie kerkklimate sien *elke week* hoe meer moorde gepleeg word as wat die meeste mense ooit in 'n leeftyd in die werklikheid sou sien, al is die werklikheid hoe sleg! Die onophoudelike “kry, kry, kry”-filosofie, wat televisie-advertensies en selfs baie reekse deurdrenk, smeer beslis ook aan ons af. Ons is *nie* immuun teen Satan se uitsendings nie!

Wat dan van die televisie en rockmusiek “ikone”? Hoeveel van ons besef dat die diepe emosie, geskree en gejl waarmee 'n seksueel onweloweglike of selfs godslasterlike rockster dikwels verwelkom word, 'n *verdraaiing* is van die vurige verering en aanbidding wat slegs God toekom?

Ek het vir vier jaar van my volwasse lewe oorsee gewoon, wat my in staat gestel het om eerstepands te sien dat ons mense in Amerika en Kanada, soos ook hier in Suid-Afrika, meer as elders in die wêreld, wel geneig is om materiële dinge te aanbid. Ja, te *aanbid*. Talle mense in die Verenigde State en Kanada sal byna *enigiets* doen ten einde 'n huis, 'n motor, 'n rekenaar – of selfs 'n tweede, derde en vierde televisiestel – te besit. 'n Man sal selfs twee werke volhou en sulke lang ure werk dat sy gesondheid daaronder ly. 'n Vrou mag ook dalk verkies, *selfs* wanneer haar kinders klein is, om lang ure weg van die huis af te werk en sodoende daardie kosbare ure op te offer wat sy saam met haar groeiende kinders kon deurbring, onder die voorwendsel om “vir hulle *goed* te koop” – pleks daarvan om hulle te onderrig, op te lei en in hulle 'n diepsinnige en blywende gevoel van sekuriteit en selfbeeld te skep.

“Maar ons kan bloot nie oorleef as ons nie albei werk nie” sal die tipiese Suid-Afrikaanse paartjie aanvoer. *Oorleef? Hoe* oorleef? Sal u gesin van *honger* omkom? Sal hulle *ongeklee* of *haweloos* wees? In *bykans* elke geval is die eerlike antwoord: **Nee!** Die gesin sal net na 'n *kleiner* huis moet trek, of 'n *kleiner televisiestel* aanhou, of dalk net *een* voertuig besit, pleks van twee.

Ons uitbuitende samelewing dwing natuurlik wel sommige mense tot ware armoede, in welke geval 'n vrou feitlik elders as tuis *moet* werk. In meeste sulke gevalle het die man letterlik of figuurlik die gesin verlaat. Daar sou geen kos op

die tafel gewees het indien die moeder nie gewerk het nie. Tog, vir elke sodanige geval, is daar talle ander gevalle waarin, as sy eerlik wou wees oor die verskil tussen haar behoeftes en begeertes, 'n moeder en vrou tuis kon bly indien sy en haar man werklik spaarsamig was.

U sien, sommige van ons in Suid-Afrika, Amerika en Kanada is so *gewoond* aan absolute welgesteldheid dat sommige van *ons lesers* selfs effens ongemaklik kan voel terwyl hulle hierdie artikel lees. Ek kan u egter verseker dat *miljoene* mense in Brittanje, Europa, Asië en Afrika dit beide bejammerenswaardig en amusant vind dat ons mense voel dat hulle so baie uitspattige materiële geriewe “nodig het”; geriewe wat *ongekend* was vir die laaste geslag of twee.

Tog voel miljoene Suid-Afrikaanse en Amerikaanse tieners dat hulle figuurlik sou “sterf” as hulle nie hul eie voertuie, CD-spelers, rekenaars, “playstations”, ontwerpersklere en ander materiële geriefies gehad het nie.

Mense, hetsy jonk of oud, sal hulself tot 'n fanatiese begeerte werk om materiële goed te *besit*. Dan word hierdie goed, asook hierdie begeerte, 'n soort *afgod*. Indien ons God se mense wil wees, *moet* ons materialisme sien vir wat dit is en ons *bekeer* van sodanige selfsugtige en miserabele lewensbenadering.

Ons moet ophou om kru materialisme toe te laat om die *kwaliteit* van ons geestelike lewens, ons gesinne en ons kinders te raak. Ons moet God en Sy leefwyse *eerste* plaas, bo enige materiële dinge. Ons

Vervolg op bladsy 28

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Dien u God of Mammon?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Wat is FOUT met die Sabbat?

Wat gebeur wanneer u sterf?.....7

God is besig om 'n Gesin te bou.....10

Die opstanding was nie op Paassondag nie.....14

Verraai – vir 'n rede!.....19

Die Geheelbeeld.....21

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streeksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Wat is FOUT met die Sabbat?

Deur Roderick C. Meredith

Is belydende Christenleraars besig om “hul oë weg te keer” van die eerste teken wat God gegee het om Sy mense te identifiseer? Deur wie se gesag is die vierde gebod verander of mee “weggedoen”?

Groot kerkgenootskappe is verdeeld oor sake soos homoseksualiteit, aborsie en die gesag van die Bybel. Duisende “algemene” kerke val in by bykans enige leerstelling of gedrag solank hulle hul mense kan leer om “Jesus lief te hê”.

Watter Jesus het hulle egter in gedagte? *Hoe* sal al hierdie dinge u eie lewe in die nabye toekoms **op dramatiese wyse raak**?

Die meeste lesers van die *Wêreld van Môre* het ongetwyfeld 'n *opregte begeerte* om God se wil te doen en om die Jesus Christus van die Bybel te eer. U besef waarskynlik dat ons ganse samelewing in gevaar staan en dat ons Skepper binnekort kragtig in mensesake gaan ingryp. U sal dalk uit die studie van Openbaring 12 onthou waar God onthul hoe Hy Sy getroue diensknegte *bonatuurlik sal beskerm* gedurende die komende Groot Verdrukking. *Wie is* hierdie mense wat deur God beskerm sal word? 'n **Noodsaaklike** sleutel tot hul identiteit word in vers 17 gegee: “En die draak was vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander

nakomelinge wat die *gebooie* van God **bewaar** en die getuienis van Jesus Christus hou”. Die geïnspireerde apostel Johannes identifiseer ook God se ware heiliges in Openbaring 14:12: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die *gebooie* van God en die geloof in [of beter vertaal “van”] Jesus **bewaar**”. Let daarop dat God se mense nie net geloof *in* Jesus het nie, maar Jesus Christus se eie geloof het – geloof om te **doen** wat die Vader sê, selfs in moeilike omstandighede!

Baie van u het *aangeneem* dat “Sondagviering” 'n korrekte manier is om die vierde gebod te gehoorsaam. U is moontlik opreg hierin, want dit is hoe die meeste van u geleer het! U *kan egter nie verder verkeerd* wees nie! God se ware Sabbat, soos deur Jesus Christus en *al* die vroeë Apostels onderhou is, is die *sewende* dag van die week! Kyk daarna op u almanak. *Watter dag* is die sewende dag? Twee ernstige sondes – *afgodery* en **Sabbat-ontheiliging** – was die **hoofredes** waarom God die antieke Israeliete swaar gestraf en *hulle in slawerny laat wegvoer* het

(Esegiël 20). Hierdie **selfde** nasionale straf sal ons nasies tref indien ons ons nie **bekeer** en aan ons Skepper begin erkenning gee deur Sy gebooie en Sy ware Sabbatte te onderhou nie!

Die Jesus Christus van die Bybel waarsku duidelik: “En **wat** noem julle My: Here, Here! en doen **nie** wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Jesus Christus onderrig voortdurend gehoorsaamheid aan *al tien* van die Tien Gebooie. As God van die Ou Testament, was dit Hy wat daardie gebooie aan Israel gegee het (1 Korintiërs 10:4) en Hy het nie later “van plan verander” nie. In die “Bergpredikasing”, Sy fundamentele lering oor Nuwe-Testamentiese Christenskap, sê Jesus: “**Moenie** dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie ... elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheus 5:17-19).

Toe begin Jesus verduidelik dat Sy volgelingen selfs **verder**

as die letter van die Wet moes gaan. Nie bloot is hulle verbied om 'n ander persoon dood te maak nie; hulle moes nie eens **haat** koester nie (verse 21-22). Hulle is verbied om egbreuk te pleeg, maar Jesus **ver groot** hierdie **Wet** deur die stelling: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (vers 28).

Klink dit asof Jesus met Sy Vader se groot geestelike **Wet**, die Tien Gebooie, wou wegdoen? Dink u vir een oomblik dat Christus, nadat Hy die voorafgaande uitsprake gemaak het, omgedraai het en die Vierde Gebod – die gebod om die sewende-dag Sabbat te onderhou – *afgeskaf het*? Indien u gewillig is om die *eenvoudige, Bybelse Waarheid* te aanvaar, lees verder!

Wat die Bybel duidelik sê

Die meeste van u wat hierdie artikel lees, is gepeper met allerhande soorte leringe en redenasies wat u óf vertel dat die Tien Gebooie mee “weggedoen” is óf dat hulle op die een of ander manier verander of “verwater” is sodat die Vierde Gebod **nie** meer *letterlik onderhou* *hoef te word* *nie*! Dit is op die een of ander manier reg uit die Tien Gebooie – waar dit altyd was – “gepluk” en wegverduidelik as deel van die “Wet van Moses” of andersins doeltreffend mee weggedoen deur die een of ander slim plan.

Is dit reg? Is dit wat die Bybel onderrig? Ons moet eerlik wees!

Selfs 'n leidende Rooms-Katolieke kardinaal erken die waarheid in die saak. James Cardinal Gibbons, aartsbiskop van Baltimore, skryf duidelik: “U kan egter die Bybel van Genesis tot Openbaring lees en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrif pas godsdienstige onderhouding van Saterdag toe, 'n dag wat ons nooit heilig nie. Die Katolieke Kerk onderrig met reg dat ons Heer en Sy Apostels sekere belangrike pligte van godsdiens ingeskerp het wat nie aangeteken is deur die geïnspireerde skrywers nie. Byvoorbeeld, die meeste Christene bid tot die Heilige Gees, 'n praktyk wat nêrens in die Bybel gevind word nie. Daarom moet ons aflei dat die Bybel *alleen* nie 'n genoegsame riglyn en geloofsreël kan wees nie, omdat dit nooit binne die bereik van elke ondersoeker is nie en op sigself nie duidelik of verstaanbaar is nie, selfs nie in aangeleenthede van die grootste belang nie en ook omdat dit nie al die waarhede wat nodig is vir saligmaking bevat nie” (*Faith of our Fathers*, 1876).

Gibbons stel hier die algemene *vals* idee voor dat die mens kan byvoeg of wegneem van wat die Bybel onderrig, met die *verskoning* dat die geïnspireerde Bybel “op sigself nie duidelik of verstaanbaar” is nie. *Arme God*, blykbaar kon nie een van hierdie teoloë Hom “opvoed” oor hoe om dinge te verduidelik nie!

Tog sal hierdie selfde teoloë

erken dat Jesus Christus, die Seun van die lewende God, sê: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Soos ons vroeër gesien het, sê Jesus ook: “Elkeen dus wat een van die **minste** van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheus 5:19).

'n Jongman kom na Christus en vra: “Watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” **Wat** is Jesus se antwoord? Sê Jesus: “Gee net jou hart aan my” of “Maak jou besluit vir Christus”?

Beslis nie!

Die Seun van God sê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, *onderhou die gebooie*” (Mattheus 19:16-17). Naby die einde van die geïnspireerde Bergpredikasie, sê Jesus ook: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. **Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!**” (Mattheus 7:21-23).

Waarom “pik” teoloë dikwels op die Sabbat?

Waarom blyk dit dat die mens van al die Tien Gebooe die hardste streef om “weg te doen” met God se gebod rakende die Sabbat? Hoewel antagoniste probeer om die Sabbat 'n “juk” van slawerny te noem, sou dit in 'n waarlik Christelike samelewing die *maklikste* gebod wees om te onderhou. “Hoe kan dit moontlik wees?” mag u vra. Dit is omdat ware Christene *heeldag lank* – sewe dae van die week – nie betrokke moet raak in seksuele losbandigheid, haat, leuens of begerigheid nie, maar vir slegs **een** dag van die week, gebied word om te rus en hul Skepper te aanbid.

Wat 'n “juk”!

Tog het die onsigbare “god” van hierdie wêreld, Satan die duiwel (2 Korintiërs 4:3-4), daarin geslaag om miljoene mense te mislei om te dink dat God se Sabbat verskriklik moeilik is om te onderhou en, trouens, dat dit 'n “juk” van 'n aard is. Die waarheid is natuurlik *presies die teendee!* Indien die ganse wêreld die ware sewende-dag Sabbat sou onderhou, sou ongekende miljoene mans en vroue uiteindelik 'n sin vir vrede en vryheid op ten minste een dag van die week geniet. Die *ganse* mensdom sou ook elke week herinner word om die **Skepper** te aanbid, die Een ware God wat aan almal lewe gee. Dit is omdat die Sabbat op die Skepping dui, soos die volle geskrewe gebod duidelik aandui: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk

doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het HY gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig” (Eksodus 20:8-11).

Indien die ware Sabbat *allerweë onderhou* sou word, sou **alle** mense oral tot die waarheid van die ware God, die Skepper, gebring word. Soos Hy antieke Israel herinner het: “Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n **teken** tussen My en julle in julle geslagte, **sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig**” (Eksodus 31:13). Ons moet onthou dat *lank voordat* antieke Israel ooit bestaan het en voordat daar enige “wet van Moses” gegee is, die Skepper 'n sekere tydperk geheilig het. “En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag **geseën** en dit **geheilig**, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak” (Genesis 2:2-3).

Soos Jesus Christus sê: “Die sabbat is **gemaak** vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie” (Markus 2:27). Die Sabbat is **nie slegs** vir die Jood gemaak nie, maar vir “die mens” en dit is

gemaak *toe die mens gemaak is!* **Wie** is die “Heer” van die sewende-dag Sabbat, daardie selfde Sabbat wat die Jode in Jesus se tyd onderhou en wat Hy met party van hulle leiers bespreek het? “Daarom is die **Seun van die mens Here** ook van die sabbat” (vers 28).

Dit is belangrik om kennis te neem dat Jesus in die bogemelde teksvers **niks** genoem het van die sewende-dag Sabbat wat “verander” na die eerste dag van die week, die “dag van die son” nie. Hy verduidelik eerder dat die Sabbat “vir die mens” geskape is, as 'n **seën** vir die mens, nie as 'n “juk” nie, soos sommige van die Fariseërs dit gemaak het deur soveel “moets en moenies” by te voeg wat **nie** deel was van die Sabbat soos dit deur God gebied is nie.

Waarom het misleide mense dan gedurende die Middeleeue probeer om God se ware Sabbat te **verander** en dit te verskuif na Sondag, die “Dag van die Son” en 'n dag wat algemeen deur heidene vereer is? Die verandering is deur 'n *heidense* Romeinse keiser, Konstantyn, “bekragtig”, wat Christenskap “bely” het, maar g'n stuk meer 'n ware Christen was as die man in die maan nie! Onder Konstantyn se leiding is die Raad van Nicea in 325 n.C. gehou. Hoewel hy nog nie gedoop was nie, het Konstantyn as voorsitter opgetree in die raad se openingsitting en deelgeneem aan die besprekings, vas oortuig dat dit sy plig as keiser was om toesig te hou oor die daarstel

van leerstellings vir die kerk. Het Konstantyn egter as voorsitter opgetree oor die raad as 'n voormalige heiden *wat nou Christen geword het?* Of het hy die Raad van Nicea gebruik om sy *heidense* agtergrond te voeg by dit wat “amptelike” Christendom sou word? Die gesiene geskiedkundige, Paul Johnson, merk die volgende op rakende Konstantyn se godsdieningsienings:

“Daar bestaan effens twyfel oor die omvang van Konstantyn se gedagteverandering ... Hyself blyk 'n sonaanbidder te gewees het, een van 'n aantal laatheidense kultusse wat soortgelyke vieringe as die Christene gehad het. So het die volgeling van Isis 'n madonna aanbid wat haar heilige kind voed; die kultus van Attis en Cybele het 'n dag van bloed en vas onderhou, gevolg deur die Hilaria opstandingsfees, 'n dag van vreugde op 25 Maart; die uitverkore Mitriaste, waarvan baie senior weermagoffisiere was, het 'n heilige maaltyd geniet. Konstantyn was feitlik seker 'n Mitrias en sy triomfantlike boog, wat na sy “bekering” gebou is, getuig tot die Songod, of 'onoorwinlike son'. Baie Christene het nie 'n duidelike onderskeid getref tussen hierdie sonkultus en hul eie nie. Hulle het verwys na Christus wat 'sy strydwa deur die lug aandryf', hul dienste op Sondag gehou, na die ooste gekniel en hul geboortefees op 25 Desember gevier, die

geboorte van die son met die winterson-keerpunt [in die noordelike halfmond]. Gedurende die latere heidense herlewing onder keiser Julianus het baie Christene dit maklik gevind om afvallig te raak as gevolg van hierdie verwarring; die Biskop van Troje het aan Julianus gesê dat hy altyd in die geheim tot die son gebid het. Konstantyn het nooit sonaanbidding laat vaar nie en het die son op sy munte behou. **Hy het Sondag 'n dag van rus gemaak**” (*A History of Christianity*, Johnson, 1976, bl. 67-69; klem ons eie).

Soos Jesse Lyman Hurlbut in *The Story of the Christian Church* vertel: “Solank die kerk meestal Joods gebly het, is die **Hebreeuse Sabbat onderhou**, maar namate dit al hoe meer nie-Joods geraak het, het die eerste dag geleidelik die plek van die sewende dag ingeneem” (bl. 4; klem ons eie).

Hierdie onbybelse optrede is duidelik gevolg om dit *makliker* te maak vir die omliggende heidene om “Christene” te word. Tog, deur God se ware Sabbat en Sy Wet te *verwerp*, het dit gelei tot 'n “Christendom” *wat geensins werklik Christelik was nie!* Soos Hurlbut erken: “Die aanbiddingsdienste het in praal vermeerder, maar was minder geestelik en hartlik as dié van vroeër. Die gedaante van seremonies van die heidendom het geleidelik in die aanbidding ingekruip. Sommige van die ou heidenfeeste het kerkfeeste

geword met verandering van naam en aanbidding. Rondom 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in die kerke begin verskyn, eers as herdenkings en toe in volgorde vereer, gelief en aanbid” (bl. 79).

Die *uiteindelike* rede waarom mense hul dag van aanbidding verander het van God se Sabbat na die heidense Sondag, is omdat die Vors van Duisternis, Satan, die duiwel, *enigiets* en **alles** in sy vermoë sal doen om die mensdom te mislei en *die mens af te sny* van die kennis en aanbidding van die ware God. Aanbidding op die sewende dag, wat God “geheilig” het, die dag wat Christus en die oorspronklike Apostels altyd onderhou het, moes “uitgewis” word weens Satan se begeerte om hierdie wêreld te *verwar* en die mensdom af te sny van die Skeppergod. Na Christus se Wederkoms na hierdie aarde, sal Hy 'n engel stuur om Satan vir 'n duisend jaar te bind, “sodat hy die nasies *nie meer* sou **verlei** totdat die duisend jaar voleindig is nie” (Openbaring 20:1-3).

Die ganse wêreld sal die Sabbat onderhou!

Wanneer Christus terugkeer as “Koning van konings” (Openbaring 17:14), sal daar 'n “**wederoprigting** van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete” begin (Handelinge 3:21). Die onderhouding van die ware Sabbat sal

Wat gebeur wanneer u sterf?

Deur Richard F. Ames

Daar is baie vreemde beskouings aangaande die lewe na die dood! In die naam van Christelikheid word baie teenstrydige idees onderrig. Wat gebeur werklik wanneer u sterf?

Almal van ons is persoonlik besorg oor lewe en dood. Party van ons is baie bekommerd oor ons toekoms na die dood. Sal ons in helvuur beland sodra ons ons laaste asem uitblaas? Miskien verwag ons dat ons hemel toe sal gaan om saam met die Here te wees.

Die wetenskap het sy eie antwoorde op dié vraag. Tog erken wetenskaplikes dat hulle nie die geestelike ryk kan meet of toets nie. Danksy die kriogeniese wetenskap het sommige individue groot somme geld betaal om hul liggame met hul dood te laat blitsvries, met die hoop dat die wetenskap eendag 'n manier sal vind om hulle te laat herleef tot 'n lang lewe.

Die wetenskap kan egter nie – en sal ook nooit – aan enigiemand die ewige lewe kan gee nie! Nogtans het baie mense 'n “blinde geloof” in die wetenskap, selfs wanneer dit eenvoudige redenasie weerspreek. Die wetenskaplike en Nobel Prys-wenner, George Wald, maak in die *Scientific American* tydskrif 'n verstommende erkenning in 'n 1954 artikel, “*The origin of life*”: “Die redelike sienswyse was om in spontane opwekking te glo; die enigste alternatief, om te glo in 'n

enkele, primêre daad van bonatuurlike skepping. Daar is geen derde standpunt nie. 'n Mens moet net die groot omvang van hierdie taak oorweeg om toe te gee dat spontane opwekking van 'n lewende organisme onmoontlik is. Tog glo ek dat ons hier is as gevolg van spontane opwekking”.

Ongelooflik! Hy erken dat spontane opwekking “onmoontlik” is en dring tog daarop aan dat dit waar moet wees. Die waarheid is dat die wetenskap en die Bybel, wanneer dit behoorlik verstaan word, in perfekte harmonie is. Die Bybel onthul egter ook 'n almagtige God wat alle dinge geskape het. Dit onthul diep geestelike en ewige waarhede wat die wetenskap erken hulle nie kan ontdek nie.

Hoop vir onsterflikheid?

Of die dood nou vriende of familieledes tref, ervaar ons die pyn van verlies. Dan wonder ons: “Sal ons hulle ooit weer sien?” Wanneer ons die onvermydelike einde van die lewe bedink, vra ons: “Is daar enige hoop vir die toekoms?” Genadiglik is die antwoord: “Ja!” Die Almagtige God – die Skepper van die lewe self – openbaar ons ware hoop in die

Bybel!

Hier is wat die apostel Paulus skryf: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie” (1 Thessalonicense 4:13-15).

Let daarop dat Paulus die dooies “ontslapenes” noem. Hy beskryf nie dooie Christene as aktief of lewendig in die hemel nie. Hulle is eerder “ontslape”, of dood, tot en met Christus se Wederkoms. “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (verse 16-18).

Toe die Sanhedrin Paulus per geleentheid ondervra het, was die opstanding die belangrikste aangeleentheid in sy reaksie: “En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg” (Handelinge 23:6).

Paulus het uitgesien na die opstanding van die dode met Christus se Wederkoms. Hysien uit: “sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik” (Filippense 3:10-11).

In Hebreërs 11, wat dikwels die “geloofshoofstuk” genoem word, lees ons van talle helde en heldinne van die geloof. Het hulle met hul afsterwe hemel toe gegaan? Wat sê die Skrif? “In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry [van die ewige lewe en om die aarde te beërwe], maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was” (Hebreërs 11:13). Later lees ons: “En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, **sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie**” (verse 39-40).

Getroue Christene wat gesterf het, wag in die graf op Christus se Wederkoms!

“Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling” (Johannes 5:28-29).

Hierdie “opstanding tot oordeel” vind plaas ná die duisendjarige regering van Jesus Christus en die heiliges (Openbaring 20:5-6). Dan volg die Laaste Oordeel – die tyd ná die Millennium wanneer geestelik verblinde mense wat nie voorheen die Waarheid geken het nie, sal opstaan en hul eerste werklike geleentheid kry om werklik Jesus se opoffering te aanvaar. Diegene wat dit verwerp, sal in die poel van vuur gewerp word om te sterf – vir ewig.

Onsterflikheid: 'n Gawe van God

Ons sou dood bly indien God ons nie opwek nie. As mense besit ons nie **reeds** onsterflikheid nie. Onsterflikheid is 'n gawe van God! “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23). Indien ons reeds onsterflik was, sou ons dit nie nodig gehad het as 'n gawe van God nie. Ons ontvang die gawe van onsterflikheid wanneer ons met die opstanding 'n dramatiese gedaanteverwisseling ondergaan.

Paulus skryf: “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie,

maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning” (1 Korintiërs 15:51-54).

Ja, tensy ons met onsterflikheid “beklee word” deur die gawe van God met die opstanding, kan 'n siel sterf! Die profeet Eségiël maak dit duidelik wanneer hy skryf: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Eségiël 18:4, 20). Die Hebreeuse woord vir “siel” is *nephesh*, wat verwys na *fisiese* lewe; dit is dieselfde woord wat in Genesis 1:21 gebruik word om *dierelewe* te beskryf.

“Maar dit is in die Ou Testament,” mag u dink. “Wat sê die Nuwe Testament omtrent die siel?” Jesus onderrig dieselfde. “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die **siel** [Grieks *psuche*, “lewe”] sowel as die liggaam kan verderwe in die hel [*gehenna* vuur]” (Mattheus 10:28). Glo u u Bybel? Glo u wat Jesus gesê het? God kan beide siel en liggaam in die “hel” – *gehenna* vuur – **vernietig**.

Die Bybel leer duidelik dat siele sterflik is – *nie* onsterflik nie. God het egter 'n wonderlike

plan van verlossing vir die ganse mensdom – u inkluis! Hy wil hê dat u vir alle ewigheid deel van Sy gesin word. God is liefde en Hy het aan u die genadegawe van Sy Seun Jesus Christus gegee om vir u sonde te betaal. Sonde bring die doodstraf oor almal van ons. “Want die loon van die sonde is **die dood**, maar die **genadegawe** van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23).

Ons sonde het vir ons die doodstraf verdien, maar God het Sy Seun gestuur om daardie straf te betaal, sodat ons met God versoen en deur Hom teruggekoop kan word. Deur Sy gawe kan ons 'n nuwe lewensweg bewandel en 'n nuwe verhouding met ons Skepper hê! Elkeen van ons is na die ewebeeld van God geskape om 'n ewige en liefdevolle verhouding met Hom te hê. Dit is egter God wat *eerste* Sy liefde aan ons betoon het! U is moontlik vertrou met die bekende “goue vers” van die Bybel: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16).

God het ons na Sy ewebeeld geskape – na Sy gelykenis. Hy wil 'n verhouding met ons hê, maar ons het onself van Hom geskei. “Julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God” (Jesaja 59:2). Christene is egter met God versoen deur die dood van Sy Seun; deur Christus se gestorte bloed. As Christene is

ons nie meer verwyderd nie – ons het direkte toegang tot God deur ons Saligmaker Jesus Christus.

Is u iemand na God se eie hart? Koning Dawid van Israel is nog 'n “held van geloof” wat in Hebreërs 11 genoem word. God noem hom “'n man na my hart” (Handelinge 13:22). Het hy hemel toe gegaan of is hy nog in die graf?

In die Koninkryk van God wat nog na hierdie aarde toe moet kom, sal Koning Dawid heerser wees oor al die stamme en volkere van Israel en Juda (verg. Esegïel 37:24; Jeremia 30:9). Dawid moet sekerlik in die hemel wees as die regverdiges, die oomblik wanneer hulle sterf, soontoe gaan. Tog wys die Bybel baie duidelik dat hy *nie* daar is nie! Op Pinksterdag – die einste dag dat die Nuwe-Testamentiese Kerk gestig is – sê die apostel Petrus: “Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe” (Handelinge 2:29). Na die dood, begrafnis en opstanding van Christus, was Dawid steeds dood en begrawe! Petrus gaan voort en verduidelik: “Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie” (vers 34)! Dawid, soos al die ander getroue heiliges, wag op die opstanding!

Vir baie gelowige mense is die vals konsep van die onsterflike siel geleer en as gevolg daarvan is hulle bang, nie net vir hul eie toekoms nie maar ook vir dié van hul vriende en familie wie, vrees hulle, tans in 'n ewige hel gemartel word. Die

waarheid is egter dat geen mens wat ooit geleef en gesterf het nou in 'n helvuur gemartel word nie!

U Bybel verwys duidelik figuurlik na die dood as 'n slaap. Jesus verwys na Sy vriend Lasarus se dood as 'n slaap (vgl. Johannes 11). Die dooies het geen bewussyn nie. “Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie” (Prediker 9:5). Die dooies ondervind geen bewuste tydsverloop nie. In die volgende breukdeel van 'n sekonde van hul bewussyn, sal hulle in die opstanding ontwaak.

Die gees van die mens

Ons word nie gebore met 'n onsterflike siel nie, maar ons het wel 'n menslike siel. Soos die apostel Paulus skryf: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God” (1 Korintiërs 2:11). Die stamvader Job maak dié stelling: “Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak” (Job 32:8). Daardie gees, in samewerking met die menslike verstand, gee aan mense “breinkrag” wat glad nie vir diere beskore is nie. Die menslike gees is egter nie 'n siel nie en het nie bewustheid wanneer dit van die mens se verstand verwyder is nie. Wanneer iemand 'n ware bekeerde Christen word, werk die Heilige Gees saam met die gees van die mens en word ons verwekte kinders van God. Daarna neem die bekeerde

God is besig om 'n Gesin te bou

Deur Dexter B. Wakefield

God het die gesin ingestel. Wat vertel Sy skepping ons van Hom en van onself?

'n Fout kan baie leersaam wees! Daar is 'n ou staaltjie van drie blinde mans wat in 'n land gewoon het waar die mense se god 'n heilige olifant was. Die blinde mans onderneem toe 'n lang pelgrimstog om die olifant te gaan aanbid. Daar gekom, word hulle toegelaat om die olifant te nader en te bevoel sodat hulle die olifant kan ervaar in die afwesigheid van sig.

Die eerste man voel aan die olifant se stert en sê: "Aha, ons god is soos 'n groot slang en is werklik die wysste van alle skepsels". Die tweede een voel aan 'n massiewe been en sê: "Aha, ons god is soos 'n groot boom wat die hele skepping voed". Die derde man voel toe aan die groot liggaam van die olifant en sê: "Aha, ons god is soos 'n groot huis waarin al die skepsels kan woon". Na hul vertrek het hulle al die pad huis toe hewig geargumenteer oor hoe hul god is, omdat elkeen 'n ander deel ervaar het.

Die strekking van hierdie verhaal is *gebreklig* omdat ons as vleeslike wesens soos hierdie blinde mans is; 'n geestelike God is bo ons begripsvermoë en niemand moet so voorbarig wees om te dink dat hy of sy kan begryp hoe God werklik is nie.

Dit is verkeerd. Die *gebrek* in die verhaal is dat ons God, anders as die olifant, bewus is van Homself, weet dat Hy God is en dat hy in staat is om Homself en Sy plan vir die mensdom te *openbaar*. Die olifant in die verhaal het nie geweet dat hy as 'n god beskou was nie, maar *ons* God is steeds God, of ons dit weet of nie, en Hy openbaar Homself aan ons. **Die feit dat God openbaar wat ons nie vir onself kan onderskei nie, is van wesenlike belang.**

Baie mense leef egter deesdae hul lewens asof hulle een van daardie blinde mans is en reik uit na 'n onbekende olifant. 'n Aantal jare gelede het 'n godsdiensskrywer, Sidney J. Harris, in 'n koerant nagedink oor die verhaal van die drie blinde mans en die olifant. Sy relaas openbaar 'n benadering wat maar al te algemeen is in ons hedendaagse tydvak:

"Veronderstel, veronderstel net dat almal verkeerd is, dat elke geloof gedeeltelik en onvolledig is, dat elke geloofsoortuiging slegs 'n gedeelte van die waarheid aan die stert [die olifant s'n] beet het en onder die indruk verkeer dat hulle oor die hele waarheid beskik? Veronderstel dat gode geskep is na die verskillende

beelde van die mens, net soos gesê word dat die mens na God se beeld geskape is? Dus het ons God die Regeerder, God die Landdros, God die Vader, God die Moeder, God die Geneser, God die Strafoplegger en al die ander goddelike rolle ...

"Toe monargie die algemene vorm van regering was, is Hy weergegee as 'n 'Koning'. Toe slegs mans beskou was as ten volle menslik, is Hy beskou as 'n 'Man'. Toe die natuurkragte nog nie behoorlik verstaan was nie, is Hy verantwoordelik gehou vir die oorstromings en orkane wat Sy onderdane getref het.

"Wat merkwaardig is, is dat ongeag hoe ons siening van die wêreld verander en uitgebrei het, het hierdie verouderde beelde bly voortbestaan, nie net in ons voertaal nie, maar ook in ons gedagtes ...

"Afgesien van die apostel Paulus se vermanings, is ons steeds meer bygelowig as godsdiensstig in ons verbeelding. Die algemene denkwysse word nie deur teologie beïnvloed nie, maar wel deur beeldspraak. Ons neem hierdie beeldspraak as die werklikheid en verander 'Onse Vader wat in die hemel is' in 'n ou man met 'n wit baard wat op 'n hemelse troon sit in 'n lugstreek anderkant die hemelpoort.

“Die meeste mense behou die godsdien van kinders, sonder hul onskuld, sodat wat hulle veronderstel hul 'godsdien' is, eintlik 'n *feëverhaal* is. Hierdie benadering maak ateïste van die skeptici en suigeling van die res, tot die wanhoop van die dieper denkers onder die wysgerige vromes van al die sektes” (*Miami Herald*, 26 Junie 1986).

Die Franse filosoof, Voltaire, het hierdie denkwys redelik goed opgesom deur te skryf: “As God die mens na Sy beeld geskape het, het die mens beslis die beleefdheid beantwoord”.

God openbaar die werklikheid

Die groot Skeppergod sien dinge egter baie anders as die natuurlike, menslike verstand. **Werklikheid is soos God die wêreld sien** en Hy openbaar noodsaaklike dinge aan ons deur Sy Woord en skepping wat ons nie vir onself kan uitmaak nie.

God sê: “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9).

Die apostel Paulus, wat 'n groot geleerde was, het die Korintiërs vermaan “sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God. Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar 'n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie. Maar

ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlijkheid nie gekruisig het nie – maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. **Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar**, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God” (1 Korintiërs 2:5-10).

Herbert W. Armstrong wie se bediening van 50 jaar die werk begin het wat deur die uitgewers van “*Die Wêreld van Môre*” voortgesit word, het altyd gesê: “'n Mens kan nie verstaan wie en wat God is totdat jy verstaan wat *beeld* en *teenbeeld* beteken nie”. 'n Beeld is nie slegs 'n vergelyking of beeldspraak nie, maar 'n ware model van 'n groter toekomstige vervulling. **Die Skrif leer ons dat die fisiese die spieëlbeeld van die geestelike is** en nie andersom nie. Deur te ondersoek hoe dit werk, kan ons help om God se aard en wat Hy omtrent Sy plan vir die mensdom openbaar, te verstaan.

Die regte woorde om 'n begrip mee uit te druk, help ons om aan die begrip te dink. Dit sal dus nuttig wees om hier die betekenis van twee woorde te verstaan. Die woord “antropomorfies” (van die Griekse woord

anthropos, “mens”) beteken om menslike eienskappe toe te voeg aan nie-menslike dinge. Voorbeelde van antropomorfiese beeldspraak is “die ongenaakbare woestyn” of “die lang arm van die gereg”. Mense soos Voltaire en Harris na wie vroeër verwys is, neem 'n antropomorfiese siening in omtrent ons begrip van God as Vader of Geneser. Mense is geneig om antropomorfies oor God te redeneer.

Nog 'n nuttige woord is “Teomorfies” (van die Griekse woord *theos*, “god”). Dit verwys daarna om goddelike of geestelike eienskappe aan fisiese dinge toe te skryf. Om die *foutiewe* antropomorfiese siening van God in teenstelling te plaas met die *Bybelse* teomorfiese siening van die skepping, is 'n goeie manier om te verstaan hoe God Sy aard en doel aan ons openbaar.

“Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20). Hier onderrig Paulus duidelik dat fisiese dinge geestelike lesse kan bied en dat ons daarna kan kyk vir insig.

Toe God die heelal geskep het, het Hy van niets af begin. Alles in die heelal weerspieël die afdruk van Sy beplanning. Hy het dit nie geskep met kenmerke wat algeheel vreemd is aan Homself nie. Geestelike dinge – die onsigbare dinge – kan eerder duidelik verstaan word deur die

fisiese dinge wat God gemaak het, selfs die Godheid of goddelike aard. Dit maak sin dat God dit sou doen as Hy beplan het om Homself en Sy plan aan Sy kinders te openbaar. God se Gees werk ook in ons verstande om ons in staat te stel om dinge te verstaan soos Hy dit verstaan. Hierdie insig is dikwels die teenoorgestelde van hoe die mens oor God redeneer.

Die Skrif beskryf byvoorbeeld die verhouding tussen Christus en die Kerk as 'n huweliksverhouding. Teoloë en kerkmanne verwys egter gereeld hierna as slegs 'n sinnebeeld of beeldspraak aangesien hulle aanneem dat die huwelik hoofsaaklik fisies en menslik is. Hulle redeneer dat die Bybel 'n antropomorfe vergelyking gebruik om ons iets aan te bied uit ons eie wêreld waarmee ons ons kan vereenselwig.

Die Bybel sien dit egter anders. Jesus Christus het “ons in Hom uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees” (Efesiërs 1:4). Die huweliksverhouding tussen Christus en die Kerk het dus in God se plan vir die mensdom bestaan *voor* die instelling van die menslike huwelik. God het nie Christus se huwelik met die Kerk volgens die patroon van die menslike huwelik gevorm nie.

Dit is duidelik dat die menslike huwelik 'n voorstelling is van die verhouding tussen Christus en die Kerk, *nie* andersom nie. Wanneer u

byvoorbeeld 'n foto van 'n vriend neem, het die foto baie van die eienskappe van u vriend, maar dit is beswaarlik die werklikheid. U vriend het eerste bestaan – die foto het later gekom. Dit is dieselfde met die huwelik tussen Christus en die Kerk.

Die menslike huwelik is 'n *toonbeeld* – 'n *afbeelding* van 'n veel groter, voorafbestaande geestelike werklikheid wat God van die begin af beplan het. Herbert W. Armstrong het altyd gesê: “Gesinsverwantskappe is Godvlak verwantskappe!” Hy het bedoel dat die huwelik tussen Christus en die Kerk nie antropomorfies is nie; die menslike huwelik en ander gesinsverwantskappe soos vader/seun of broer/suster is eerder *teomorfië*. God het hierdie verwantskappe in Sy skepping ingebou sodat ons groter geestelike werklikhede kan verstaan en ons daarop kan voorberei.

God is waarlik 'n Vader

Teoloë redeneer dikwels dat die geestelike wêreld hoegenaamd nie soos die fisiese wêreld kan wees nie, dus kan God nie wees soos enigiets wat ons ken nie. Deur hierdie verkeerdelike aanname redeneer hulle dat die begrip dat God se familiële aard (Vader, Seun, Eggenoot, ens.) antropomorfies moet wees en dat God slegs deur beeldspraak 'n vader is, soos die “vader van 'n idee”.

“Ons word kinders van God en Hy ons Vader uit hoofde van sedelike ooreenkoms... terwyl

Jesus niks van enige ... bonatuurlike, of (sogenaamde) fisiese verhouding met God sê nie” (vertaling uit *Encyclopaedia Britannica*, 11de uitg., bl. 282, “*Christianity*”).

Hierdie soort redenasie word dikwels gebruik in die formulering van die drie-eenheid. Die Skrif openbaar egter dat die **familiële aard van God nie antropomorfies is nie, maar dat die familiële aard van die gesin eerder teomorfië** is. Die menslike gesin is gevorm na God se aard. Diegene wat hul menslike beredenering verkies bo die kennis wat God geopenbaar het, het dit agterstevoor.

Die Vader is *waarlik* 'n vader en Hy is die werklikheid van wat menslike vaderskap uitbeeld. Jesus Christus is *waarlik* 'n eggenoot en ons groot, eersgebore Ouer Broer. Die Nuwe Jerusalem word genoem “die moeder van ons almal” (Galasiërs 4:26). Herrese gelowiges is *waarlik* kinders van God en die Kerk gesamentlik is *waarlik* 'n bruid, die verloofde vrou van Christus.

Mense mag dink dat God nie soos enigiets is wat ons ken nie. Die Bybel onthul egter dat sommige dinge wat ons ken, soos God is. Hier volg 'n paar voorbeelde:

“En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (Genesis 1:26). Die Bybel beskryf dikwels dat God en die mens sekere eienskappe in gemeen het, maar God is nie soos die mens nie – die mens is soos God.

Die fisiese skepping en die geestelike is nie onverenigbaar nie. Die skepping is eerder 'n onderafdeling van die geestelike: "Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons" (Handelinge 17:28).

Wanneer God ons leer dat "almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word" (Johannes 1:12), bedoel Hy *ware kinders*. "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal **ons ook deel hê aan sy heerlikheid**" (Romeine 8:15-17, Nuwe Vertaling) en om ook "*gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders*" (vers 29).

Baie mense kan hulself nie sover bring om te glo wat die Bybel regtig sê nie: dat ons geskape is om die Vader se *werklike kinders, seuns van God, mede-erfgename* saam met Christus te wees, om saam met Christus *verheerlik* te word, om *gelykvormig te wees aan die beeld van Christus*, die eersgeborene is van *baie seuns van God*. Die Vader maak

werklik kinders en bring ons tot Sy heerlikheid en Christus Self noem ons Sy *broers* (Hebreeërs 2:10-11).

Hierdie is nie bloot 'n "soort gesinsverwantskap" of beeldspraak nie. Dit is die *werklikheid* van 'n gesin. Ons gaan verheerlik word saam met Christus om *dieselfde soort seun* te wees wat Hy is, hoewel duidelik laer in mag en gesag as wat Hy en die Vader is. Ons Ouer Broer het alle mag in die hemel en op die aarde en Hy gaan die heerlikheid wat Hy en die Vader gehad het "voordat die wêreld was" (Johannes 17:5) met ons deel. Dit is omdat die Vader se groot oortreffende doel vir die mensdom is om *onsterflike* kinders voort te bring (1 Korintiërs 15:53-54).

Die menslike voortplanting is slegs 'n fisiese voorbeeld van die groter geestelike werklikheid. Dit is waarom Herbert W. Armstrong gesê het: "God is besig om Homself voort te plant!" Die Vader beplan om kinders tot die heerlikheid en eenheid te bring wat Hy en die eersgebore Seun saam geniet. Christus sê: "Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons (Johannes 17:11, vgl. vers 22). Dit is nie 'n vraag óf God een is nie, maar *hoé* God een is. **Die eenheid van die menslike gesin is 'n fisiese voorbeeld van die groter geestelike werklikheid van die eenheid van God.**

Die Skrif is duidelik. "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons

bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word ... Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy [Christus] verskyn, **aan Hom gelyk sal wees**, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Johannes 3:1-2).

Dit is ons ongelooflike menslike potensiaal! Ons Ouer Broer sal "ons vernederde liggaam van gedaante verander, om *gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam* volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp" (Filippense 3:21). Hierdie duidelike stellings is so verbasend dat baie mense eenvoudig nie kan glo wat God sê nie. Hierdie kennis wat geopenbaar is, vorm egter die kern vir 'n volledige begrip van die Evangelie van die Koninkryk van God.

Dit is waarom die Lewende Kerk van God, wat *Die Wêreld van Môre* uitgee, voortgaan om dit wat Herbert W. Armstrong vir so baie jare geleer het oor wie en wat God is, te onderrig. Eenvoudig gestel, "**God is gesin,**" en om te verstaan wat dit beteken, is die kern van die Evangelie van die Koninkryk van God. 'n Koninkryk het 'n koningsgesin en Christus beloof: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het" (Openbaring 3:21).

Die Evangelie van Jesus

Die opstanding was nie op Paassondag nie

Deur John H. Ogwyn

Miljoene belydende Christene trek jaarliks saam vir Paas-sonsopkomsdienste. Baie mense wat andersins selde kerk toe gaan, sal selfs op Paassondag aanbiddingsdienste bywoon by die kerk van hul keuse. Het u egter geweet dat die Goeie Vrydag Paastradisie eintlik die **enigste** teken *ontken* wat Jesus die godsdiensteleiers van Sy tyd gegee het om Sy Messiasskap te bewys? Hoe ongelooflik ookal daardie stelling mag voorkom, dit is waar – en u kan dit bewys!

Weet u dat die Bybel *nêrens* aanspraak maak dat Jesus Christus op Sondagoggend uit die dood opgestaan het nie? Trouens, dit leer iets heeltemal anders! Hoe het Paasvieringe dan bykans algemeen geword onder belydende Christene? **Wanneer** het Christus se opstanding *werklik* plaasgevind?

Wat het paaseiers, sjokoladehasies en meisietjies in rokkies met valletjies met Jesus van Nasaret te doen? Wat is die verbintenis tussen paaseierjag en Christus se opstanding?

Lees verder vir die antwoord op hierdie en ander belangrike vrae!

Die teken van Jesus se Messiasskap

Vir dié wat werklik die

waarheid wou verstaan, was daar baie bewyse dat Jesus van Nasaret die beloofde Messias van die Ou Testament was. Toe Johannes die Doper se dissipels na Jesus kom na Johannes se inhegtenisname en gevangenskap deur Herodus, sê Hy vir hulle: “En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowees hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie” (Mattheus 11:2-6).

In die Evangelie volgens Johannes is talle merkwaardige tekens opgeteken wat Jesus gedoen het, waarvan die eerste die bruilofsfees te Kana waar Hy water in wyn verander het (Johannes 2:11). Let op waarom Hy hierdie wonderwerke gedoen het: “Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar **hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God**; en dat julle deur

te glo die lewe kan hê in sy Naam” (Johannes 20:30-31). Jesus se dissipels het hierdie wonderwerke gesien en dit het hul geloof versterk dat Hy werklik die beloofde Messias was.

Van die begin van Jesus se bediening af, was die godsdiensteleiers bewus van Sy boodskap en die tekens wat Sy gesag bevestig het. Johannes skryf: “En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie” (Johannes 3:1-2). Dit was gedurende die eerste Pasgaseisoen van Jesus se bediening, in 28 n.C. Gedurende die volgende drie jaar het hierdie leiers talle geleenthede gehad om vertrouwd te raak met Jesus se boodskap en om baie van hierdie wonderbaarlike tekens te hoor en te aanskou. Niks hiervan het hulle tevrede gestel nie.

Trouens, hulle het telkemale na Hom gekom en aangedring op 'n teken wat eens en vir altyd sou bevestig dat Hy die Messias was. Jesus het by elke geleentheid vir hulle gesê dat slegs een so 'n teken aan hulle gegee sou word. Johannes meld

dat die eerste sodanige gesprek plaasgevind het gedurende die Pasgaseisoen van 28 n.C., tydens die heiliging van die tempel toe Jesus die geld-wisselaars verwilder het. Toe die godsdiensteleiers Hom aanspreek en daarop aandrang dat Hy nog 'n teken gee, bo en behalwe die wonderbaarlike genesings wat Hy in die Tempel gedoen het, antwoord Jesus en sê vir hulle: “Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig ... Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek” (Johannes 2:19-21). Mattheus maak ook melding van hierdie gesprek: “Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Mattheus 12:38-40).

Daar het u dit! Die enigste teken wat Jesus die skeptiese godsdiensteleiers van Sy tyd aangebied het, was dat Hy *presies* drie dae en drie nagte in die graf sou wees. Is hierdie teken bewaarheid? Absoluut! Let op die getuienis van 'n engel wat met die vroue gepraat het wat Sondagoggend gekom het om die liggaam te balsem: “Hy is nie hier nie, **want Hy het opgestaan soos Hy gesê het.**

Kom kyk na die plek waar die Here gelê het” (Mattheus 28:6). Jesus het beloof dat Hy presies drie dae en drie nagte in die graf sou wees en Hy het opgestaan net soos Hy gesê het Hy sou.

Hoe is dit moontlik om drie dae en drie nagte gelykstellig te maak aan die tyd tussen “Goeie Vrydag” en “Paassondag”? Tel dit self; dit sal eenvoudig nie werk nie! Party mense hou vol dat “drie dae en drie nagte” 'n Griekse uitdrukking is en kan enige gedeelte van drie dae en drie nagte beteken. Hierdie teorie val egter plat wanneer ons die Bybel toelaat om sy eie terme te definieer.

Let daarop dat Jesus verwys na Hebreuse, en nie Griekse gebruik nie. Hy het uitdruklik Sy tyd in die graf verbind met dié van Jona in die buik van die vis. “En die HERE het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was *drie dae en drie nagte* in die ingewande van die vis” (Jona 1:17). Koningin Ester het dieselfde uitdrukking gebruik toe sy haar neef Mórdegai toespreek: “Gaan heen, versamel al die Jode wat in Susan te vinde is, en vas julle om my ontwil; en julle moet nie eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag” (Ester 4:16). Beide hierdie weergawes beskryf duidelik 'n periode van 72 uur – *drie dae en drie nagte*. Dit is presies wat Jesus bedoel het en die Fariseërs het dit geweet. Kyk hoe hulle Sy stelling aan Pilatus, die Romeinse goewerneur, aanhaal: “My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: *Oor drie dae* staan ek op”

(Mattheus 27:63). Hulle het geweet dat Jesus nie bloot van 'n dag-en-'n-half gepraat het nie, maar eerder van drie *volle* dae.

Wanneer was die kruisiging?

Baie mense sal egter reageer, “Sê die Bybel dan nie dat Jesus Vrydag gekruisig en begrawe is en dat die graf Sondagoggend leeg was nie?” Dit is waar dat die graf reeds Sondagoggend leeg was, maar die Bybel maak nêrens melding van die kruisiging op Vrydag nie. Dit sê wel dat Hy gekruisig was op die “voorbereiding ... die voorsabbat” (Markus 15:42-45), maar ons moet identifiseer *watter* voorbereidingsdag dit was. Onthou, die Bybel praat van *jaarlikse* Sabbatte – “Heilige Dae” – bykomend tot die weeklikse Sabbat (vgl. Levitikus 23:4, 7, 24, 27-32). Jesus was gekruisig op die voorbereidingsdag voor 'n *jaarlikse* Sabbat, gedurende die dagliggedeelte van die Pasga – 14 Abib op die Hebreuse kalender. Die volgende dag – 15 Abib – is 'n jaarlikse Heilige Dag, die eerste Dag van die fees van die ongesuurde brode.

In 31 n.C., die jaar van Jesus se kruisiging, het die Pasga op 'n Woensdag geval. Donderdag was 'n jaarlikse Sabbat, die eerste Heilige Dag van die fees van die ongesuurde brode. Jesus is pas voor sonder die Woensdagmiddag begrawe en was Woensdagnag, Donderdag, Donderdagnag, Vrydag, Vrydagnag en Saterdag in die graf – **drie dae en drie nagte**, net soos Hy beloof het. Hy het pas voor

sonder Saterdagmiddag opgestaan, stiptelik 72 uur na Sy begrafnis. Toe die vroue Sondagoggend teen dagbreek gekom het om Sy liggaam te balsem, was Hy reeds weg. Hulle het nie die opstanding gesien nie; hulle het 'n leë graf gesien en 'n engel het vir hulle gesê dat Hy opgestaan het soos Hy gesê het Hy sou.

Jesus Christus het gekom as “die Lam van God” om die boete van sonde te betaal (Johannes 1:29). Paulus verklaar: “Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korintiërs 5:7). Noukeurige studie van die Evangelies dui daarop dat Jesus en Sy dissipels die Pasgamaal na sonder geëet het met die aanvang van 14 Abib (Markus 14:16-18, Lukas 22:13-15, vgl. Eksodus 12:1-8). Later daardie aand, na ete, het hulle na die Olyfberg gegaan (Markus 14:26), waar soldate, gelei deur Judas Iskariot, Hom gekry en gevange geneem het (verse 43-46). Kort na dagbreek het die Sanhedrin vergader om formele klagte teen Jesus te lê en hom aan Pontius Pilatus uit te lewer (Markus 15:1). Omstreeks nege uur die oggend – die “derde uur” na dagbreek volgens Joodse gebruik (vers 25) – is Christus saam met twee misdadigers na 'n heuwel in die buitewyke van Jerusalem gelei en gekruisig op die kenmerkende Romeinse wyse. Van twaalfuur die middag tot met Jesus se dood omstreeks 3 nm., was daar algehele duisternis oor die hele aarde (verse 33-37).

Kort daarna het Josef van Arimathéa gewaag om na Pilatus te gaan en die liggaam van Jesus te vra om te begrawe (vers 43). Nadat die hoofman oor honderd, wat in beheer van vonnisvoltrekkings was, ontbied is om vas te stel of Jesus werklik dood is, het Pilatus toestemming gegee dat Josef die liggaam mag neem en begrawe (verse 44-45). Die Evangelie volgens Lukas beklemtoon dat die begrafnis haastig afgehandel moes word net voor sonder (Lukas 23:53-54, vgl. Johannes 19:41-42). Die beklemtoning daarvan dat Jesus haastig begrawe is net voor die Sabbat begin het, het baie mense verwar om te dink dat die kruisiging op 'n Vrydag plaasgevind het. Talle lesers kyk Johannes se verduideliking mis dat “... die dag van daardie Sabbat groot [was]” (Johannes 19:31). Dit was *nie* 'n weeklikse Sabbat nie; dit was 'n jaarlikse “groot dag” Sabbat. Onthou, 15 Abib – die dag na die Pasga – was die eerste Heilige Dag van die fees van die ongesuurde brode, die eerste van sewe jaarlikse Heilige Dae wat aan antieke Israel beveel is om deur hulle onderhou te word (Levitikus 23:5-7).

Die Evangelies maak dit duidelik dat daar daardie week eintlik *twee* Sabbatte was – 'n jaarlikse Heilige Dag op Donderdag en die gewone weeklikse Sabbat op Saterdag. Markus skryf: “En **toe die sabbat verby was**, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en

Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf” (Markus 16:1). Winkels in Jerusalem sou op beide die weeklikse en jaarlikse Sabbatte gesluit wees. Jesus is begrawe net voor die aanvang van die jaarlikse Heilige Dag Sabbat en die vroue was teenwoordig by Sy begrafnis (Markus 15:47). Hul eerste geleentheid om speserye te koop en voor te berei sou Vrydag wees, toe die winkels heropen het na die Heilige Dag wat die fees van die ongesuurde brode ingelei het. Lukas verduidelik dat die vroue “op die sabbat gerus [het] volgens die gebod” (Lukas 23:56) *nadat hulle die speserye en salf voorberei het* – 'n takie wat ure in beslag sou neem.

Hoe kon hulle gewag het tot na die Sabbat om speserye te koop en voor te berei (soos Markus duidelik sê), maar tog op die weeklikse Sabbat gerus het nadat hulle dit voorberei het (soos Lukas duidelik sê) – tensy daar inderwaarheid *twee* Sabbatte in daardie week was? Om hierdie punt te begryp is die sleutel om te verstaan hoe lank Jesus in die graf was.

Waarom dan het die vroue Sondagoggend graf toe gekom? Was dit om die eerste Paas-sonsoptogte te vier? Natuurlik nie! Hulle het op die eerste beskikbare geleentheid gekom om 'n dooie liggaam te balsem (Lukas 24:1). Toe hulle opdaag, was Jesus reeds weg – en die graf was oop sodat almal kon sien dat dit leeg was.

Waarom was hierdie vir die godsdiensteleiers 'n spesiale teken wat Jesus se Messias-

skap bevestig? Godsdiensteleiers van Jesus se tyd het hul eie uitgesoekte getuies van die gebeure rondom Jesus se dood en begrafnis gehad. Onthou, Matteus verduidelik dat die dag na die kruisiging – vroeg die oggend van die “groot dag” Sabbat – die Joodse leiers 'n afvaardiging na Pilatus gestuur het om toestemming te kry om 'n gewapende wag te plaas om die graf te bewaak. Pilatus het hulle toestemming gegee en beveel: “Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan” (Matteus 27:65). Hierdie wagte was getuies van die gebeure wat gevolg het en dit was hulle wat die godsdiensteleiers verwittig het van wat werklik gebeur het (Matteus 28:11). Uit die monde van die einste wagte wat hulle self geplaas het, het hierdie leiers verneem dat Jesus die teken van die profeet Jona vervul het – net soos Hy gesê het Hy sou!

Waar kom Paasfees vandaan?

In die geïnspireerde teks van die Nuwe Testament word Paasfees nêrens genoem nie. Hoewel beide die Ou- en Nuwe Vertaling in Handeling 12:4 die woord “Paasfees” bevat, is die korrekte vertaling “Pasga”, wat die regte weergawe van die Griekse woord *pascha* is. U kan dit maklik vir uself kontroleer deur bykans enige Bybel-kommentaar of die Griekse Interlineêre Bybel na te slaan. Die vroeë eerste-eeuse Kerk het nooit Paassondag onderhou nie. Christene het voortgegaan om die Pasga te onderhou net soos

die oorspronklike Apostels in Jesus se teenwoordigheid gedoen het. Hoewel die Nuwe-Testamentiese Kerk egter die Pasga onderhou het soos God gevoel het, het Christene in besonder gebruik gemaak van die simbole wat Christus met Sy laaste Pasga ingestel het. Hierdie simbole, naamlik 'n klein stukkie ongesuurde brood en 'n slukkie wyn, stel die offerande van Christus voor – Sy liggaam wat vir ons genesing gebreek en Sy bloed wat vir die vergifnis van ons sondes gegiet is.

Waar kom die onderhouding van Paasfees dan vandaan? Daar is geen vermelding daarvan in die Christengemeenskap tot byna 'n eeu na Jesus se kruisiging en opstanding nie. Let op hierdie treffende stelling van 'n geleerde wat verbonde is aan die *Pontifical Gregorian University Press* in Rome: “Daar is wye konsensus van opinie tussen geleerdes dat Rome werklik die oorsprong van Paassondag is. Party mense bestempel dit met reg as die “Roomse-Paasfees” (*From Sabbath to Sunday*, Bacchiocchi, bl. 201).

In sy *Ecclesiastical History*, verskaf die vroeë Katolieke geskiedskrywer Eusebius insig tot die bekendstelling van Paasfees. As tydgenoot van die Romeinse Keiser Konstantyn, beskryf Eusebius die laat tweede-eeuse geskil tussen Victor, Biskop van Rome, en Polykrates, wat stry oor wat gevier moet word, die Pasga of Paasfees. Eusebius skryf: Die Biskoppe, egter, van Asië, hou

vol in die onderhouding van die gewoonte wat afkomstig is van hul vaders, onder leiding van Polykrates ... 'Ons' sê hy, 'onderhou die werklike dag; sonder om daartoe by te voeg of weg te neem, want groot ligte het in Asië gaan slaap, wat sal opstaan in die dag van ons Heer se verskyning, ... Filippus, een van die twaalf Apostels ... Johannes, wat op ons Heer se bors gerus het ... Polykarpus van Smirna ... Almal van hulle het die veertiende dag Pasga volgens die Evangelie onderhou, sonder om enigsins af te dwaal, het hulle die weg van geloof gehandhaaf” (hoofstuk 24). Eusebius gaan voort en haal aan uit 'n brief van Irenaeus, 'n tweede-eeuse Biskop van Lyon, wat die onderhouding van Paasfees as 'n plaasvervanger vir die Pasga teruggevoer het tot die dae van Sestus, biskop van Rome (ongeveer 116-126 n.C.)

Met ander woorde, Paassondag was nie onderhou deur die belydende Christengemeenskap nie tot bykans 20 jaarna die dood van die apostel Johannes, die laaste oorlewende ooggetuie van die kruisiging en die herrese Jesus. As God weliswaar wou hê dat Sy volk hierdie vakansiedag moes hou, waarom het dit so lank geneem om ingestel te word? Indien dit werklik die gebeure van Christus se kruisiging en opstanding herdenk het, sou dit sekerlik van die begin af onderhou gewees het! Tog is dit nie bekendgestel as 'n “Christelike” vakansiedag voor almal wat eerstehandse kennis

van die feite gehad het, eers dood was nie. Dit op sigself behoort ons te laat regop sit en daarop ag slaan.

Paassondag het sy eintlike oorsprong in die kultus van antieke heidense son-aanbidding. Die Engelse naam "Easter" is afgelei van Ishtar of Astarte, name wat verwys na die antieke Babiloniese godin wat aanbid was as die moeder van die songod. Let op hierdie erkenning: "Die motief van die Son was nie slegs deur Christelike kunsskilders gebruik om Christus uit te beeld nie [sedert die derde eeu] maar ook deur Christelike leermeesters om Hom aan die heidense menigte, wat welbekend was met die ryk Son-simboliek, te verkondig. Talryke Vaders ontleen en herinterpreteer die heidense simbole en gelowe betreffende die Son en wend dit verontskuldigend aan om die Christenboodskap te leer" (Bacchiocchi, bl. 253).

Baie van die simboliek wat met Paasfees geassosieer word, insluitend hasies en eiers, se herkoms strek terug na

antieke gewoontes met hul oorsprong in Babilon en het ons hedendaagse tyd, via Rome, bereik. Die Romeinse Keiser Konstantyn, 'n lewenslange aanbidder van Sol Invictus, die Songod, het vroeg in die vierde eeu 'n bondgenootskap met die Biskop van Rome gesmee. Dit is deur hierdie verbintenis van Kerk en Staat dat die verlokking kom wat geassosieer word met hedendaagse Christendom en wat op die Christenbelydende samelewing afgedwing word.

Maak dit saak dat "Paasfees" en baie van die motiewe wat met daardie vakansiedag geassosieer word, nagespeur kan word tot die antieke heidendom? Baie opregte belydende Christene sal beswaar maak en sê dat hulle Paas-sonsopkomsdienste bywoon om Jesus Christus en Sy opstanding uit die dood te vereer, *nie* om die songod te aanbid nie. Is dit aanvaarbaar om heidense gewoontes en simbole te neem en dit vanuit 'n Christelike oogpunt te herinterpreteer? Nee! God waarsku die eertydse Israeliete,

toe hulle voorberei het om die land van die Kanaäniete binne te gaan: "neem jou dan in ag ... dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie" (Deuteronomium 12:30-31). God sê eerder aan Sy volk: "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (vers 32).

Paassondag vier *nie* die opstanding van Jesus nie. Dit verberg as't ware die eintlike punt wat Jesus gesê het die deurslaggewende teken van Sy Messiasskap sou wees – die drie dae en drie nagte in die graf. Paasfees, soos die meeste van die simbole wat daarmee gepaardgaan, het nie sy oorsprong in Skriftuurlike bevel nie, maar in die gebruike van antieke sonaanbidders. Dit is hoog tyd dat diegene wat bely dat hulle God se mense is, uit geestelike Babilon kom en die Skepper aanbid soos Hy beveel – in gees en in waarheid! §

Die Tien Gebooe

Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooe. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit op openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Verraai – vir 'n rede!

Deur Douglas S. Winnail

Die inval in Irak het skokgolwe veroorsaak wat die geallieerde Westerse demokrasieë beide geskok en verbrokkel het. Binne 'n kwessie van weke het bondgenote van die Verenigde State en Brittanje hulle teenstanders geword, namate gemoedelikheid gekwyn en vyandigheid tot uitbarsting gekom het. Feitlik oornag het 'n diep kloof die Atlantiese bondgenootskap in twee geskeur wat Amerika, die Britse afstammeling en 'n paar ander lande aan die een kant en 'n groot gedeelte van “Ou Europa” aan die ander kant gelaat het. Dit was 'n verdeling wat byna niemand verwag het, wou hê of nodig gehad het nie. Dit het kwade gevoelens en 'n diepe gevoel van verraad laat opwel. Terwyl ontleders bedink waarom dit gebeur het en wat voorlê, *verduidelik* die Bybel wat hierdie verrassende ontwikkelings aandryf. Jare gelede het God *voorspel* dat dit sou gebeur. Ons is besig om *te sien hoe profesie tot vervulling kom!*

Die openingstoneel in hierdie drama was toe België, Frankryk en Duitsland begin het om die Amerikaansgeleide inval in Irak teen te staan en daarna NAVO se militêre bystand aan Turkye te verhinder. Dit is opgevolg deur ferm opposisie in die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad teen enige resoluë wat die gebruik van

militêre mag om Irak te ontwapen sou magtig. Rusland en China het gou hul stemme gevoeg by die groeiende koor teen die Amerikaansgeleide poging. Die opponerende standpunte het verhard toe die inval begin sonder die VN se ondersteuning en ten spyte van vasberade Europese teenstand. Die meesterskuif het gekom toe België, Frankryk en Duitsland 'n spitsberaad in Brussels aankondig om nouer bande tussen hul gewapende magte te smee as *teenwig* vir die VSA en Brittanje op die wêreldtoneel. Brittanje was nie na die spitsberaad genooi nie.

Die VSA en verskeie van sy bondgenote het duisende lewens opgeoffer om Frankryk en België te bevry gedurende die Tweede Wêreldoorlog, aansienlike oorlogstydse ekonomiese militêre hulp verleen aan die Sowjet-Unie en na die oorlog ontelbare miljoene dollars geskenk om Duitsland te help herbou. Hierdie vrygewige nasies vind dit nou *ongelooflik* dat die Europeërs hul wel-doeners openlik teenstaan en ondermyn in hulle poging om 'n bewind te verwyder wat selfs die Verenigde Nasies erken gevaarlik en onderdrukkend is. Woedende Amerikaanse leiers voel *verraai* deur hulle bondgenote wat skynbaar vergeet het van die hulp wat hulle ontvang het. Om nog

verder sout in die wonde te vry praat België, Frankryk en Duitsland openlik oor 'n kern van Europese nasies wat voortgaan om 'n militêre mag daar te stel wat met die VS en Brittanje *sa/meeding* – nasies wat Europa gedurende die Koue Oorlog *beskerm* het.

Die profesieë

Hierdie skielike en dramatiese veranderings in die Westerse Bondgenootskap het baie ervare waarnemers verras en verbaas, tog het die Bybel *voorspel* dat hierdie scenario hom sou afspeel. Die sleutel om eindtydse profesieë te verstaan is om te weet wie vandag die moderne Israelitiese nasies is – die afstammeling van die Bybelse aartsvader, Jakob. Die Israelitiese nasies sluit nie net die nasie van Israel in nie, maar ook die VSA, die ander nasies van Britse afkoms en verskeie nasies in noordwes Europa – baie van die einste nasies wat Europa in die verlede ontset het en deel gevorm het van die Amerikaansgeleide bondgenootskap teen Saddam Hussein in Irak.

Lank gelede het die profeet Jeremia 'n toekomstige tyd van verskriklike beproewings beskryf, “'n tyd van benoudheid vir Jakob”, wanneer “al jou minnaars ... jou [sa] vergeet” (Jeremia 30:7, 14) en jou “minnaars *versmaad* jou, hulle

soek jou lewe” (Jeremia 4:30). Elders praat Jeremia van hierdie komende tyd van nasionale beproewing, “al haar vriende het *troueloos teen haar gehandel*, haar *vyande* geword” (Klaagliedere 1:2). Die nageslag van Jakob sal uitroep: “Ek het geroep na my liefhebbers – hulle het my *in die steek gelaat*” (vers 19). Eségiël beklemtoon dieselfde tema: “Jy het jou geskenke aan al jou minnaars gegee ... Ek sal al jou minnaars ... van alle kante *teen jou versamel*” (Esegiël 16:33, 37). Hosea beeld Israel uit as 'n vrou wat “... my minnaars agternaloo” en wat “onwettige bondgenootskappe gewerf [het] ... onder die volke” (Hosea 2:4, 8: 9-10) – 'n gepaste beskrywing van die VSA se pogings om steun onder die nasies te “koop” deur buitelandse hulp aan te bied. God spreek die nasies van Israel aan en sê: “Ek [het] haar oorgegee in die hand van haar minnaars ... Ek verwek jou minnaars, van wie jou siel vervreemd geraak het, teen jou, en Ek sal hulle van alle kante teen jou aanbring” (Esegiël 23:9, 22). Al hierdie verskriklike voorspellings fokus op dinge wat gaan gebeur “aan die einde van die dae” (Jeremia 30:24) – in die tyd *net voor* Jesus Christus terugkeer na die aarde toe.

In die lig van hierdie profesieë is dit ontnugterend om te verneem van die VSA en Brittanje se skielike gevoel dat hulle deur hul bondgenote *verraai* is, van die Europeërs se plan om politiese, ekonomiese

en militêre *mededingers* van Amerika en Brittanje te word en vir 'n Franse koerant om te skryf dat Frankryk “tweehonderd jaar gelede Amerika se grootste bondgenoot was ... maar vandag is Frankryk feitlik die Verenigde State se *vyand*”. Waarom gebeur dit? Wat is die *dryfkrag* agter hierdie gebeure? Hoekom het die VSA en Brittanje se bondgenote skielik verander in hul *teenstanders*?

Die rede

Insigryke wêreldse ontleders erken dat die Irakse krisis slegs die *vonk* was wat lankbestaande griewe laat vlam vat het onder Europese leiers, wat vererg was oor hul afhanklikheid van Amerikaanse mag. Franse leiers het geen geheim daarvan gemaak dat hulle glo dat Frankryk 'n leidende rol in Europa moet speel en nie oorskadu moet word deur Brittanje of die Verenigde State nie. Duitse leiers het by verskeie geleenthede probeer om Duitsland se wil op Europa af te dwing. Baie mense in die VSA neem hul godsdiensgegronde gevoel as vanselfsprekend aan dat hulle 'n “morele sending het om die wêreld te verander”, maar dit gaan egter nie goed af by die wêreldgesinde Europeërs nie, wat voel dat hulle so 'n bekrompe en naïewe beskouing van die wêreld “ontgroe” het. Vanuit hierdie perspektief kan ons verstaan hoe Irak hierdie smeulende gevoelens tot 'n punt gedryf en die Europese leiers die geleentheid gegee het om die

VSA en Brittanje *uit te daag* – nasies wat in hulle pad staan om 'n groter rol op die wêreldtoneel te speel.

Bybelprofesieë dui egter aan dat daar meer in die storie steek! Jeremia openbaar dat hierdie dinge gebeur omdat *God 'n doel het* (Jeremia 4:28). Die profeet waarsku dat, omdat die nasies van Israel “*die HERE hulle God vergeet het*” en teen Hom wederstrewig was, sal hulle die gevolge van hul dade maai (Jeremia 3:21; 4:17-18). God verduidelik deur Jeremia: “Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan ... Omdat jou *ongeregtigheid* groot is, geweldig jou sondes, *het Ek jou hierdie dinge aangedoen*” (Jeremia 30:14-15). Jeremia ween vir sy nasie “die HERE het haar droefheid aangedoen vanweë *die menigte van haar oortredinge*” (Klaagliedere 1:5). Eségiël dui aan dat God die moderne Israelitiese nasies sal straf omdat hulle op menslike bondgenote vertrou in plek daarvan om op God te vertrou (Esegiël 23:5, 12).

Die lys van Israel se sondes strek van leuens, moord, diefstal en owerspel tot afgodediens en die ontheiliging van God se Sabbatte (sien Jeremia 2; Esegiël 20; Hosea 4). God waarsku die nasies van Israel herhaaldelik “omdat jy *die wet van jou God vergeet het*, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hosea 4:6).

Die verrassende ontwikkelings wat ons vandag sien – lankbestaande

Die Geheelbeeld

Deur Douglas S. Winnail

Waarvoor berei u geloof u voor?

Het u al ooit vir 'n oomblik stilgestaan, u lewe in oënskou geneem en uself gevra: “Wat is ek besig om met my lewe te doen? Sal dit waarmee ek *nou* besig is werklik saak maak wanneer ek weg is?”

Is daar 'n groter doel met die lewe? Pas u lewe in 'n *groter beeld*?

Wat beteken u godsdiens vir u? Vir baie mense in die wêreld beteken godsdiens weinig meer as om goed te wees, vriendelik te wees met vriende en bure en te hoop om “hemel toe te gaan” wanneer hulle sterf. Hulle gaan kerk toe wanneer die “gees hulle beweeg” of wanneer hulle 'n behoefte het om “meer geestelik” te wees. Hulle sluit dikwels by 'n kerk aan om aan 'n groep te behoort of saam met vriende te wees. Mense bid wanneer tye swaar is, of wanneer hulle in die moeilikheid beland. Hulle mag praat van “God liefhê,” maar in die praktyk blyk dit dat hulle meer bekommerd is oor werk, familie of om plesier na te jaag, maar wat die groter beeld betref, kom die *sorge van hierdie lewe* as groot genoeg vir baie mense voor!

Daar steek egter *meer* in die lewe as om 'n werk te kry, kinders groot te maak en om persoonlike plesier na te jaag.

Ware Bybelse godsdiens behels *meer* as bloot “u hart aan die Here gee”, kerk toe gaan en die verwerping van persoonlike verlossing. Daar is meer om oor te bid as ons eie probleme. Ongelukkig het die *groter beeld* die aandag van die meeste mense in die wêreld ontwyk. Daardie geheelbeeld is in die skadu gestel deur die idees wat afkomstig is van die hoofgodsdienste van die wêreld – insluitend wat baie mense die “Christendom” noem. Ons moet twee beslissende vrae vra: “Verstaan *ons* wat die ware Bybelse godsdiens behels?” en “Sien *ons* die geheelbeeld?”

Die verhaal begin

Die bladsye van die Bybel *openbaar* die geheelbeeld waaroor die lewe gaan en hierdie tema – wat regdeur die Skrif gaan – is die kern van ware Bybelse godsdiens. Toe God ons eerste ouers geskape het, het Hy verduidelik dat mense gemaak is “volgens Sy beeld” en dat hulle bestem is om “te heers” oor die aarde (Genesis 1:26-28). God het ons geskape om te leer om onself en uiteindelik ook hierdie aarde te beheer en te regeer. Hy het niks gesê van hemel toe gaan nie. Toe God met Abraham en sy vrou Sara begin werk het, het Hy gesê dat

hul afstammeling 'n *groot nasie* sou word, 'n *seën* vir die mense van die wêreld en voorvaders van konings (Genesis 12:1-3; 17:15-16). God sê aan Abraham ten einde daardie doel te bereik: “Lewe naby My en wees opreg!” (Genesis 17:1, NV). Om opreg [perfek, onberispelik, sonder vlek] te word, sou beteken dat hy moes leer om 'n leefwyse te volg wat gehoorsaamheid aan God se gebooie, insettinge en verordeninge insluit (Genesis 26:5). God het ook aan Abraham opdrag gegee om hierdie leefwyse aan sy familie en afstammeling te onderrig (Genesis 18:17-19). Dit is hoe Abraham se nageslag 'n groot nasie sou word en *waarom* hulle 'n seën vir die mensdom sou wees. Dit is die geheelbeeld wat God aan Abraham en sy nageslag openbaar het.

Toe God die Israëliete uit Egipteland gelei het, het Hy *dieselfde* geheelbeeld aan hulle verduidelik. By Sinai het God gesê: “As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou *sal* julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees” (Eksodus 19:5-6). Eksodus 20-23 gee die wette weer waaraan hulle gehoorsaam moes wees. Moses

verduidelik later aan die Israeliete dat indien hulle “die gebooi van die HERE julle God ... onderhou”, hulle in die wêreld sal uitstaan as 'n “groot nasie” en 'n “wyse en verstandige volk” (Deuteronomium 4:1-10). God het beplan om die Israelitiese nasie te gebruik om te wys dat voordele voortspruit deur hierdie leefwyse – ware godsdiens – na te volg. Die Israeliete het ook opdrag gekry om hierdie leefwyse aan hul nageslag te onderrig. Moses het ook die kinders van Israel vermaan om opreg [onberispelik, perfek] te wees, wat beteken het dat hulle moes wegdraai van die weë van hierdie wêreld en moes leer om ontsag vir God te hê, in Sy weë te wandel en Sy gebooi en insettinge te onderhou (Deuteronomium 18:9-13; 10:12-13). Dit is die geheelbeeld wat God aan die nasie van Israel geopenbaar het.

Die verhaal gaan voort

Teenstrydig met wat baie vandag glo en onderrig, het Jesus Christus nie die “geheelbeeld” verander toe Hy na hierdie aarde gekom het nie. *Hy het dieselfde algehele fokus gehandhaaf.* Jesus sê aan Sy dissipels: “Kom agter My aan” (Mattheus 4:19) en Hy leer ons dat ons moet leef “van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (vers 4). Jesus het reguit gesê dat Hy *nie gekom het* om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul [te versterk, te vergroot] (Mattheus 5:17; Jesaja 42:21). Hy het voorbeelde gegee om te wys dat ons nie net

die letter van die Wet moet gehoorsaam nie, maar ook die gees van die Wet gehoorsaam moet wees (Mattheus 5:21-30).

Jesus sê aan Sy dissipels: “Wees julle dan volmaak” [onberispelik, opreg, volgroeï, geestelik volwasse] (Mattheus 5:48), net soos God aan Abraham en Moses aan die Israeliete gesê het. Jesus se boodskap was van die toekomstige Koninkryk van God (Markus 1:14-15). Hy het aan Sy dissipels gesê dat, indien hulle hul bekeer en leer om God se Wet gehoorsaam te wees, hulle nie net die ewige lewe sal beërwe nie, maar dat hulle ook gesagsposisies sal kry in die Koninkryk van God (Mattheus 19:16-30). Dit is die geheelbeeld wat Jesus herhaaldelik beklemtoon het.

Die Apostels wat deur Jesus opgelei is, het *dieselfde* boodskap verkondig. Johannes boekstaaf Christus se stelling: “As julle My liefhet, bewaar my gebooi” (Johannes 14:15). Die apostel Paulus vermeld dat, indien ons onself bekeer, verander en groei in die kennis van God se leefwyse, ons “kinders van God”, “erfgename van God en mede-erfgename van Christus” kan word. Ons erf dus wat Jesus erf (Romeine 8:14-17). Johannes openbaar later dat Christus as heerser sal terugkeer en die heiliges sal beloon met posisies as konings en priesters op hierdie aarde (Openbaring 11:17-18; 5:10).

Dit is die geheelbeeld wat die Nuwe Testament aan Christene verduidelik. Dit is dieselfde

beeld wat herhaaldelik in die Ou Testament beskryf word. Hierdie “geheelbeeld” tema wat regdeur die Skrif gaan – om te leer om volgens God se Wette te leef en voor te berei om te heers op hierdie aarde in die komende Koninkryk van God – is *noodsaaklik* vir ware Bybelse godsdiens.

Belangrike besonderhede

Baie mense aanvaar dat die doel van Bybelse godsdiens en die Kerk is om die wêreld in hierdie era te bekeer – tog was dit egter *nooit* deel van die “geheelbeeld” nie. Die Bybel toon dat God besig is om 'n plan uit te werk. Na die Vloed het God met een persoon – Abraham – en sy onmiddellike nageslag begin werk. Hy het met daardie afstammeling bly werk terwyl hulle tot die nasie van Israel gegroei het. Selfs in die nasie van Israel het God verkies om te konsentreer op die nageslag van Josef – Efraim en Manasse – van wie die huidige Amerikaners, Britte en Suid-Afrikaners afstammeling is (Genesis 48:14-22). Dit is nie bloot 'n brokkie onbenullige Bybelkennis nie; dit is 'n basiese aspek van ware Bybelse godsdiens en het oorwegend voorgekom in Jesus se opdrag aan Sy dissipels om die evangelie aan “die verlore skape van die huis van Israel” te verkondig (Mattheus 10:6-7).

Jesus sê “hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n *getuïenis* vir al die nasies; en dan sal die einde kom”, maar die

wêreld sal dit nie verstaan of bekeer raak nie (Mattheus 24:14, 36-42). Jesus het dit herhaaldelik gestel dat Hy gekom het om 'n paar te roep (Mattheus 13:10-17; Johannes 6:44, 60-66) en dat die res verblind is (Mattheus 15:14) omdat God toegelaat het dat Satan die hele wêreld vir 'n tyd mislei (Openbaring 12:9). Die bekering van die wêreld sal in die toekoms plaasvind – in die Koninkryk van God.

Hoewel Jesus gekom het om Sy lewe te gee as offergawe vir sondaars (Johannes 3:16) sal slegs diegene *wat God nou roep* die geleentheid kry om die waarheid te verstaan, hulle te bekeer en te groei in hierdie era. Dit is met hierdie groep individue [geroep om *eersteling* te wees] waarmee God nou werk terwyl Hy voorberei vir Sy komende Koninkryk. Ware Bybelse godsdiens lê klem daarop om te lewe volgens die Wette van God omdat diegene wat nou geroep en opgelei word, *wat oorkóm en kwalifiseer*, die leiers en leermeesters sal wees in die Koninkryk wat Jesus hier op die aarde gaan vestig met Sy Wederkoms (Jesaja 30:20-21). Om doeltreffende leiers en leermeesters te wees sal vereis dat ons leer hoe om die vrugte van die Heilige Gees te beoefen: liefde, vreugde, geduld en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23). Die individue wat saam met Jesus Christus regeer sal die wêreld leer hoe om die ware God te aanbid (Sagaria 14:16-20). Hulle sal die mense van die

wêreld die weg na vrede leer en hoe om te leef (Jesaja 2:2-4; 9:6-7). Hulle sal help om die omgewing te herstel en die heropbou van stede beheer. Hulle sal ook programme begin om siektes uit die weg te ruim en om gesondheid op 'n wêreldskaal te bevorder (Jesaja 35:1-7; 61:4). Dit is waaroor ware Bybelse godsdiens gaan en hierdie is van die opwindende besonderhede waaruit die “geheelbeeld” bestaan.

Verstaan die geheelbeeld

Presies hoe word hierdie begrip van onderrig en heerskappy in die Koninkryk van God in verband gebring met Christene *vandag*? Vir baie mense blyk dit onwerklik te wees *totdat* hulle die geheelbeeld verstaan! Die Bybel verskaf baie inligting wat help om die beeld in fokus te bring. Jesus beveel Sy dissipels om “mekaar lief te hê” en om gewillig te wees om “sy lewe vir sy vriende te gee” (Johannes 15:12-13). Liefde is 'n onbaatsugtige, spontane besorgdheid vir ander mense. Dit behels medelye, besorgdheid en 'n gewilligheid om tyd en moeite te bestee om ander mense hul probleme te help oplos. Jesus sê ook aan Sy dissipels dat Hy *dienende leiers* soek wat kan lei deur ander te dien (Mattheus 20:25-28). God wil leiers hê wat innige meegevoel met mense ontwikkel het en omstandighede wil verander wat ander mense seermaak. Sulke individue sal begin om probleme raak te sien wat die samelewing teister en

hulself voorberei vir die dag wanneer hulle kan help om die probleme op te los. Die apostel Paulus vermaan Christene om die Woord van God te bestudeer (2 Timotheus 2:15) omdat die *ware oplossings* vir baie van die wêreld se grootste probleme in die Bybel gevind kan word. Een van die redes waarom ons kerk toe gaan, is om te leer hoe om Bybelse beginsels toe te pas in werklike lewensomstandighede. Is dit waarom *u* kerk toe gaan?

Hoe kan Bybelse beginsels aangewend word om groot menslike probleme op te los? Vandag kwel geweld, onenigheid en oorlog samelewings regoor die wêreld, ten spyte van die universele begeerte en byna eindelose soeke na vrede. God het lank gelede reeds gesê dat die mens eenvoudig nie die weg na vrede ken nie (Jesaja 59:8). Tog *openbaar* die Bybel die weg na vrede. Dawid skryf: “Die wat *u wet liefhet*, het groot vrede” (Psalm 119:165). Wanneer mense geleer word om God se Wette te *gehoorsaam* – nie dood te maak nie, te vergewe, geduldig te wees, nie wellustig te wees of te begeer nie en om ander te behandel soos hulle self behandel wil word – sal oorlog en wedywering tot 'n einde kom. *Dit sal gebeur* in die Wêreld van Môre, en dit sal teweeggebring word deur diegene wat in God se regering op hierdie aardedien en heers.

Siektes en kwale het deur die eeue ongehoorde lyding veroorsaak. Tog is baie kwale voorkombaar indien basiese

ge sonde idsbeginsels toegepas word. God het die fundamentele gesondheidswette geïnspireer en in die Bybel laat skryf. Tog is daar vandag uitgebreide onkunde oor hierdie wette en mense ly en sterf in groot getalle regoor die wêreld as gevolg daarvan. Die EARS (Ernstige Akute Respiratoriese Sindroom) epidemie word in verband gebring met die eet van diere wat die Bybel as onrein bestempel en wat God sê nie geëet moet word nie (sien Levitikus 11; Deuteronomium 14). Die VIGS epidemie het versprei deur losbandige en perverse seksuele gedrag wat die Bybel as goddeloos en sondig bestempel. Deur seks tot 'n getroue huwelik te beperk, sal die verspreiding van hierdie tragiese siekte tot 'n einde kom. Hartkwale, wat een van die hooforsake vir sterftes is, word gekoppel aan te min oefening en 'n hoë-vet dieet, wat die Bybel ontmoedig (Levitikus 3:17; 7:23-26). Die Bybel toon reeds 2,000 jaar gelede dat daar voordele verbonde is aan fisiese aktiwiteite (1 Timotheus 4:8). Siektes en plaë sal uitgeskakel word as mense geleer word om volgens God se Wette te lewe.

Ontrouheid en die verbrokkeling van huwelike dien pynlike gevolge toe aan volwassenes sowel as kinders en verskeur samelewings. Hierdie probleme volg wanneer die fundamentele morele riglyne van die Skrif geïgnoreer en geskend word wat wellus, selfsug, ontug en owerspel verdoem. Kindermisdaad en

kindermishandeling is deesdae aan die orde van die dag afgesien daarvan dat die Bybel kinders leer om hul ouers te gehoorsaam en ouers adviseer om hul kinders lief te hê en “[nie] julle kinders [te] vertoorn nie” (Efesiërs 6:1-4). Maleagi 4:6 beskryf 'n voorsmaak van wat die *hele wêreld* sal ondervind wanneer die harte van die ouers en kinders weer na mekaar teruggebring en die gesin herstel sal word in die Koninkryk van God.

Hierdie is slegs enkele van die groot veranderings wat sal plaasvind wanneer die Wette van God op 'n wêreldgrondslag geleer en toegepas gaan word deur diegene wat hulle *nou voorberei* en kwalifiseer om in God se regering te dien. Dit is waarom die “tye van die wederoprigting van alle dinge” gaan waarvan die Apostels praat (Handelinge 3:19-21). As ons na die probleme van die mensdom kyk en die oplossings wat geïgnoreer of nie toegepas word nie, kan ons begin verstaan waarom Jesus sê dat ons moet bid: “Laat u koninkryk kom” (Mattheus 6:10). Soos ons begin om die omvang van die probleme te besef en ons begin om ernstig te bid en voor te berei vir die komende Koninkryk van God, sal ons die geheelbeeld duideliker sien – en sal dit vir ons baie meer realisties word. Dit is waarom die Kerk van God opdrag kry “om vir die Here 'n toegeruste volk te berei” (Lukas 1:17), sodat hulle doeltreffende leiers kan wees in die Wêreld van Môre.

Vermy slaggate

Die *geheelbeeld* is werklik verbasend! Die Bybel openbaar dat God 'n uitverkore groep mense roep en oplei om saam met Jesus Christus te regeer wanneer Hy terugkeer om hierdie aarde te herstel. Hulle sal saam met Hom die menslike beskawing reoriënteer tot die regte weg wat sal lei na ware vrede en ewigdurende geluk. Die Bybel dui egter ook aan dat selfs diegene wat geroep is om eerstelinge te wees hierdie merkwaardige toekoms kan verbeur. Ons word vermaan om gefokus te bly op die geheelbeeld “dat ons nie miskien wegdrywe nie” en “so 'n groot saligheid veronagsaam” nie (Hebreërs 2:1-3). Jesus waarsku dat baie vals leermeesters “onder my Naam [sal] kom en baie mislei” deur mense weg te lei van die waarheid en die geheelbeeld (Mattheus 24:4-5, 11). Paulus sê dat misleidende leermeesters, wat deur 'n ander gees beïnvloed is, 'n ander Jesus en 'n ander evangelie sal verkondig wat 'n *ander beeld van die toekoms sal skilder* (2 Korintiërs 11:3-4). Ons sien dit vandag in baie sogenaamde Christelike kerke waar mense *praat* van Jesus liefhê, maar Sy geboorte *ignoreer*. Hulle praat van hemel toe gaan, maar kyk die feit mis dat Jesus gaan terugkeer en 'n Koninkryk op hierdie aarde gaan vestig waar Hy en die heiliges gaan regeer. Hulle vier vakansiedae wat hul oorsprong in die heidendom het in plaas van die Bybelse Heilige Dae,

terwyl die Bybel ons duidelik leer: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie” (Sien Jeremia 10:2; Deuteronomium 12:29-32).

Hierdie misleidende praktyke het die tragiese gevolg dat dit die mense *weglei* van God se waarheid. Dit *skep 'n ander beeld* en veroorsaak dat mense die *regte* geheelbeeld uit die oog verloor!

Die grootste waarskuwing behels moontlik diegene wat tot die waarheid van God gekom en werklik die geheelbeeld verstaan het – *en dan hulle rug daarop draai*. In die gelykenis van die saaiër beskryf Jesus verskeie groepe mense: Diegene wie se aandag afgelei word van die geheelbeeld deur Satan se misleidende aktiwiteite, dié wat vasgevang en ontmoedig word deur persoonlike beproewings en vervolging en dié wat vasgevang word in die “sorge van hierdie

wêreld” – die verkryging van rykdom en wêreldsgoed en die najaging van plesier, aanvaarding en aansien (Mattheus 13:18-23).

Al hierdie *tydelike* fisiese en materiële dinge wat kan veroorsaak dat ons die geheelbeeld *uit die oog verloor*, kan ons *berooft* van ons beloning en ons in versoeking lei om te *vergeet* wat ware Bybelse godsdiens behels. Dit is waarom Jesus sê dat ons moet “volhard tot die einde toe” (Mattheus 24:13) as ons aandeel wil hê in die Koninkryk van God en help om die toekomstige herstelling van alle dinge te bewerkstellig.

Namate ons die einde van hierdie era nader, moet ons die geheelbeeld onthou wat God aan Adam en Eva, Abraham en die nasie van Israel geopenbaar het en Jesus Christus aan Sy dissipels oorgedra het. God het ons na Sy beeld geskape om Sy seuns en dogters te word en

uiteindelik saam met Jesus Christus te heers op hierdie aarde as lede van God se Gesin. Om daardie doel te bereik moet ons leer om volgens God se Wette te leef sodat ons doeltreffende leermeesters van daardie leefwyse kan word in die komende Koninkryk van God. As ons groei in medelye vir ons medemens en ons 'n grondige kennis van God se Woord en bekwaamheid ontwikkel om Bybelse beginsels toe te pas, sal ons in staat wees om Jesus Christus by te staan om hierdie wêreld te reoriënteer na die waarheid van werklike Bybelse godsdiens. Ons sal die lesse wat ons nou op 'n persoonlike vlak leer, in die toekoms op wêreldskaal toepas, *mits* ons toegespits bly en misleidings en slaggate vermy. Dit is die geheelbeeld waarop ons as eerstelinge voorberei. Sien *u* die geheelbeeld? §

God is besig om 'n Gesin te bou (Vervolg vanaf bladsy 13)

Christus is die Evangelie van die Koninkryk van God. Dit is die Evangelie wat Hy oral waar Hy gegaan het, verkondig het. Ons Vader se groot voortreflike doel met die skepping van die

mensdom is om baie kinders tot heerlikheid in die Koninkryk van God te bring en *alles* draai om hierdie doel!

Deur ons gesinsverhoudings te verstaan soos God dit sien –

as voorbeelde van veel groter toekomstige geestelike werklikhede – help ons om ons ongelooflike potensiaal en toekoms in die Gesin van God te verstaan. §

Verraai – vir 'n rede (Vervolg vanaf bladsy 20)

bondgenote van die Verenigde State en Brittanje wat skielik teen hul eertydse beskermers en weldoeners draai – was lank

gelede voorspel as God se straf vir Sy mense wat hul rug op Hom keer. Ons moet uit hierdie gebeure leer en begin om God te

gehoorsaam, met die wete dat daar nog meer is wat voorlê, namate die profesieë *tot vervulling kom!* §

**Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse
Webblad: <http://www.wvm.co.za>**

Wat is FOUT met die Sabbat? (Vervolg vanaf bladsy 6)

weereens as **leefwyse** beoefen word soos God dit nog *altyd* vir die mensdom beoog het: “En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE” (Jesaja 66:23).

Wat is dus **fout** met die Sabbat? Die *waarheid* is dat God se **beveelde** dag van rus en aanbidding aan die **einde** van elke week – op die *sewende* dag – 'n groot **seën** sou wees indien dit *nou* allerweë onderhou sou word. Die Bybel vertel ons: “Jesus Christus is gister en vandag *dieselfde* en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8); dieselfde Christus wat die Tien Gebooie aan antieke Israel gegee het. Daar is **nie** met God se groot *geestelike Wet* [die Tien Gebooie] weggedoen nie en dit mag **nie** “verander” word deur rebelse mense onder die invloed van Satan die duiwel nie!

Met betrekking tot die Sabbat maak God se geïnspireerde Woord dit duidelik dat selfs die “uitlanders” – die Grieke – *geseën* sou word vir onderhouding van die ware Sabbat: “En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg,

en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke” (Jesaja 56:6-7).

Ondanks die Bybelse en geskiedkundige rekords van die beproewings van God se ware Nuwe-Testamentiese Kerk, het *baie* van diegene wat deur God geroep is, later *geloof verloor* en die Sabbat versaak deur hulle tot verkeerde leerstellings te wend. Hulle is verlei deur vals leraars. **Desondanks het Jesus Christus, die oorsprong en voleinder van ons geloof, God se Sabbatte onderhou** (Markus 1:21; 6:2; Lukas 4:16, 31; 6:6; 13:10). Die gewoonte van Paulus, die “Apostel van die Grieke”, was om op elke Sabbat te aanbid en selfs die Grieke te onderrig (Handelinge 13:42-44; 17:2; 18:4). Paulus het **nooit** weggedraai van gehoorsaamheid aan God se **Wet** nie, ten spyte van die vrugbare *verbeeldings* van baie geleerdes. Paulus skryf: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God” (1 Korintiërs 7:19). Regdeur die geskiedenis was Sabbat-onderhouding 'n baie belangrike identifiserende *teken* om voor uit te kyk, ten einde die afkoms van die ware Kerk van God wat Jesus gebou het, te identifiseer.

Wat van **u**? Slaag **u** God se toets? God het nie verander nie (Maleagi 3:6; Hebreërs 13:8).

Indien u selfs meer Bybelse en geskiedkundige bewyse wil hê oor God se ware Sabbat, skryf gerus vir ons of skakel en versoek 'n eksemplaar van ons insiggewende boekie met die titel, *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* Hierdie kragtige boekie is vol Bybelse en geskiedkundige *inligting* en *bewyse* oor die geskiedenis en betekenis van God se ware Sabbat. Dit behoort u te help om hierdie lewensbelangrike onderwerp te *verstaan*. Indien u dus opreg wens om ware Christenskap te beoefen en die spesiale seën en beskerming van u Skepper wil geniet in die gevaarlike maande en jare wat voorlê, versoek dan hierdie boekie en *bestudeer* dit met 'n oop gemoed. Soos al ons literatuur, sal dit absoluut *gratis* op u versoek aangestuur word.

Indien u persoonlike berading wil hê oor *hoe* om die Sabbat te onderhou of *waar* u ander mense kan ontmoet wat daarin glo om die Christenskap van Christus en die vroeë Apostels te beoefen, skryf gerus aan of skakel die Streekskantoor naaste aan u wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys is. *Niemand* sal u skakel of besoek sonder dat u eers 'n afspraak gemaak het vir 'n tyd en plek wat vir u gerieflik is nie. §

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Wat gebeur wanneer u sterf? (Vervolg vanaf bladsy 9)

Christen toe in die genade en kennis van Christus (vgl. 2 Petrus 3:18). Deur Christus wat in ons leef, word ons verander na die einste aard en denke van Christus. Ons het God se karakter, liefde en aard!

Hoe is dit dat ons so 'n verstommende seën kan bekom? Omdat die Verlosser van die wêreld dood, begrawe en herrese is. Petrus skryf: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd" (1 Petrus 1:3-5).

Ons het 'n lewende hoop omdat Christus uit die dood **opgestaan** het. Party mense glo verkeerdelik dat Jesus in die hel vir geeste gaan preek het terwyl Sy liggaam in die graf gebly het. Dit is heeltemaal onwaar! Jesus sê duidelik dat Hy dood was toe Hy gesterf het! "Ek is die eerste en die laaste en die lewende; *en Ek was dood* en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood" (Openbaring 1:17-18). Voordat Jesus vlees geword het, preek Hy vir die "geeste in die gevangenis" gedurende die dae van Noag "toe die lankmoedigheid van God

eenmaal gewag het *in die dae van Noag*, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is" (1 Petrus 3:20). Jesus was vir drie dae en drie nagte dood en in die graf, of in "die hart van die aarde", net soos Hy in Mattheus 12:40 beloof het. Indien Hy nie werklik gesterf het nie, het ons geen Saligmaker nie. (Vir meer inligting oor hierdie grootliks misverstaande onderwerp, sien "Die Opstanding was nie op Paas-sondag nie" wat elders in hierdie uitgawe verskyn).

Vir ewig verlore?

Wat gebeur met die biljoene mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit Christus se opoffering te aanvaar? Is hulle vir ewig verlore? Nee! God is billik en regverdig. Hy sal **nie** geestelik verblinde mense na die poel van vuur stuur sonder om hulle ooit 'n geleentheid op verlossing te gee nie. God sal daardie sondaars hul **eerste** werklike geleentheid op verlossing gee tydens die "Laaste Oordeel". Die apostel Johannes skryf: "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:12).

Vandag is almal wat egter ooit gesterf het, *behalwe Jesus Christus*, sonder lewe of bewussyn, wagtend op die

opstanding. Ware getroue Christene sal in die eerste opstanding wees wanneer Christus terugkeer. "Die res van die dode" sal met die tweede algemene opstanding opgewek word vir oordeel in die Laaste Oordeel. Biljoene mense sal dan hul eerste geleentheid op verlossing hê deur Christus. Hul oë sal geopen word en hulle sal die ware evangelie verstaan. Hulle sal 'n leeftyd gegun word om hulself te bekeer en hul lewens aan Christus te wy. Aan die einde van hierdie tydperk van oordeel sal diegene wat opstandig is en hul gewetens verstomp het, wat die onvergeeflike sonde pleeg, in die poel van vuur vernietig word en die pynlike "tweede dood" sterf waarvan daar geen opstanding is nie (Openbaring 20:14-15).

Dank God dat geneen van u afgestorwe vriende of familie nou die foltering van helvuur verduur nie. Hulle sal egter opgewek word vir oordeel om óf die gevolge te dra omdat hulle God se Waarheid verwerp het, óf om vir die eerste keer aan daardie waarheid blootgestel te word, mits God hulle nie voorheen na die Waarheid gebring het nie. Word *u* nou geroep? Indien wel, kan *u* nie wag nie; God wil *u* in die eerste opstanding hê: "'n Beter opstanding" (Hebreërs 11:35). Mag God *u* seën met Sy ware begrip van lewe en dood en Sy hoop vir *u* toekoms. §

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

moet leer om God en Sy weë op te soek bo alle dinge. Nadat Jesus Christus beskryf hoe God sal voorsien in al ons materiële behoeftes, sê Hy: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33).

Ten einde ware Christene te wees, moet ons dit werklik *doen*. Die personeel van die *Wêreld van Môre*-tydskrif streef daarna om dit in elke opsig te doen en om die egte waardes van die Christenskap van die Apostels te hervestig. Ons strewende daarna om, hoe onvolmaak ook al, God eerste te plaas. Dit is waarom ons miljoene tydskrifte en boekies uitgee en jaarliks honderde televisie- en radio-ure koop, sonder om u as lesers **ooit** selfs 'n sent te vra om die eenvoudige en kosbare waarhede wat *reg* in u Bybel is, te ontvang!

Dit alles kos natuurlik geld en dit word moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van 'n paar duisend ondersteuners en medewerkers wat, uit hul eie, besluit het dat hulle daarin wil deel om te help om God se waarskuwingsboodskap as getuigenis vir alle nasies te preek en te verkondig.

Let op hierdie teksvers: “En as *medewerkers* vermaan ons julle ook dat julle die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie” (2 Korintiërs 6:1). In samehang toon hierdie vers duidelik dat alle ware Christene saam met Christus moet werk om die onbekeerde wêreld met Sy boodskap te bereik. Daar is beslis baie werk om te doen! Jesus sê: “Julle het dit verniet ontvang, **verniet moet julle dit gee**” (Mattheus 10:8). Ons kan

dit nie 'n prys plaas op die kosbare waarheid van God en die waarskuwingsboodskap in die bladsye van hierdie tydskrif nie, wat aan die hele wêreld verkondig moet word, ongeag hoe hulle daarop reageer. Vandag, soos in die dae van die Apostels, is God besig om 'n groeiende gesin van medewerkers op te bou – arbeiders saam met Christus – wat hierdie Werk van God finansiële, moreel en deur gebede ondersteun!

Aan daardie lesers wat vrywillig, uit hul eie, die begeerte uitgespreek het om ons te help, stuur ek maandeliks 'n brief wat die “interne” nuus en soms die finansiële posisie van hierdie Werk verduidelik. Sommige mense sê nooit openlik “Ek wil 'n medewerker wees” nie, hulle voeg hulself bloot by ons lys van medewerkers deur hul tiendes en sodanige offerandes wat hulle wil in te stuur. Hierdie tydskrif word aan almal gestuur wat dit versoek, sonder om ooit enige geld daarvoor te vra. Ons televisie- of radioprogram bedel, smeeke of pleit ook nooit vir geld nie en ons hou ons ook nie op met die gewone praktyk om “goed” aan ons kykers/luisteraars te verkoop nie. Indien ons dit sou doen, sou ons ook slagoffers word van dieselfde materialisme wat ons samelewing so uitmekaarskeur en die fokus van die ware God aflei!

In ons samelewing bely baie ware Christenskap, maar beoefen Mammon-aanbidding. Die meeste belydende Christene het Jesus se ware leringe tot so 'n mate “verwater” dat dit skaars ooreenstem met wat Hy en Sy oorspronklike volgelinge gepreek het. Hulle wil 'n “kafeteria-Christenskap” be-

oefen, deur dit wat hulle pas uit Christus se boodskap te neem, maar steeds hul eie lewens te leef soos dit hulle geval. Soms plaas hulle God eerste, maar ander kere plaas hulle hul begeerte vir *meer* en *beter* materialistiese goed eerste.

In hierdie Werk van God streef ons om *anders* te wees! Ons verstaan dat God se Werk aan die wêreld verkondig moet word as 'n getuigenis, net voor die einde van hierdie huidige tyd (Mattheus 24:14). Die wêreld moet die geleentheid gebied word om te hoor dat hulle God se Weg verwerp het; die Weg wat ware vrede, harmonie, voorspoed en ongekende seëninge van die Skepper van hemel en aarde meebring.

Ons is hier om al ons lesers van diens te wees en alles in ons vermoë, soos God dit toelaat, te doen ten einde die wêreld met Sy lewensbelangrike eindtydboodskap te bereik. Ons streef daarna om die gety van materialisme te stuit en deur ons voorbeeld en woorde die “geleefwyse” te toon wat Jesus Self onderrig het. Mag u ook Christus se boodskap ter harte neem en Hom eerste plaas in u lewens, in elke opsig, pleks daarvan om 'n afgod te maak van materiële dinge. As Christene moet ons, soos die apostel Paulus, kan sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Mag *dit* ons doelwit wees!

